

AFRIKANERBOND



AFRIKANERJEUGVERSLAG

Junie 2008

INHOUDSOPGawe

AFRIKANERJEUGVERSLAG	1
INHOUDSOPGawe.....	i
AFRIKANERJEUGVERSLAG	1
1 AGTERGROND	1
2 NAVORSINGSMETODOLOGIESE ASPEKTE VAN DIE VERSLAE.....	3
3 BEPERKINGE.....	4
4 KONTEKSTUALISERING	5
4.1 Omskrywing van jeug.....	5
4.2 Populêre jeugkultuur.....	7
4.3 Afrikaans en jeugkultuur.....	9
4.4 Die samelewingskonteks van die Afrikanerjeug.....	10
4.5 Samevatting.....	11
5 BEVINDINGE.....	12
5.1 Selfbeeld	12
5.2 Kultuur	17
5.3 Organisasie gedrag	24
5.4 Sosio-politiese en maatskaplike oriëntering	29
6 UITWAARTSE ORIËNTERING	37
7 TENDENSE.....	38
8 GEVOLGTREKKING EN SAMEVATTING	40
9 VERWYSINGS	43

AFRIKANERJEUGVERSLAG

1 AGTERGROND

Die doel met hierdie verslag is om twee vorige navorsingsverslae rakende die Afrikanerjeug wat vir die Afrikaner Bond gelewer is, te integreer ten einde breë tendense uit te lig en in konteks te beskryf en te verklaar. In die uitvoer van die versoek sal gepoog word om die bevindinge wat in die vorige twee verslae gerapporteer is met ander literatuur (nasional en internasional) in verband te bring ten einde 'nbeeld van die Afrikanerjeug daar te stel.

Die Afrikanerbond het aanvanklik die AB-Jeugtaakspan en later die Afrikanerbond/Voortrekker-Komitee (AB/VT) opdrag gegee om in 'n kleiner werkgroep en deur marknavorsing insigte rakende die jeugmark te bekom met die oog op verdere strategiese beplanning (Du Toit, 2007).

In sy bespreking van die opdrag stel Du Toit dit dat die doel met die navorsing is om:

- die organisasiegedrag van die AB en VT te bepaal in terme van die verlede, die hede en verwagting vir die toekoms.
- die kohesie van die organisasie te bepaal.
- die dinamika van die organisasie te bepaal.
- die verwagtinge en behoeftes van die teikenmark te bepaal.
- redes te ondersoek waarom mans aan organisasies en instansies behoort.
- motiveerders en motivering vir die jeug met betrekking tot organisasies en instansies bloot te lê.
- die waardes en norme van die hedendaagse jong volwassene te ondersoek.
- die toekomsverwagtinge van die Afrikaanssprekende jong volwassene binne die huidige Suid-Afrikaanse konteks te bepaal.
- die siening van individue en groepe oor Afrikaner-identiteit en -assosiasie met betrekking tot ander kulturele individue en groepe te bepaal.
- te bepaal watter voorkeurmeganismes vir kommunikasie binne die teikenmark bestaan.
- te bepaal watter ontwikkelingsbehoeftes die teikengroep oor die volgende 5 jaar sal hê.

In hierdie stadium moet daarop gewys word dat die verslag van Du Toit nie die eerste drie doelstellings aanspreek nie en die ander doelwitte onvolledig aanspreek. Van der Merwe (2007) stel die doel met sy verslag:

- Om eerstens die profiel van die Afrikanerjeug te identifiseer. Hy stel dit dat die AB "...wou weet hoe lyk die hedendaagse Afrikanerjeug, wat is hulle waarde-oordeel, hulle selfpersepsie en in welke mate vind kultuurborgenheid nog by hulle plaas." Van der Merwe voer aan dat sy studie ook op die Afrikanerjeug se toekomsverwagting fokus. In 'n voetnota definieer Van der Merwe (vir die doeleinades met sy verslag) die Afrikanerjeug as **blanke** Afrikaners, terwyl Du Toit ook die menings van bruin Afrikaners betrek. Die verskil in die samestelling van die groepe sal uiteraard die integrering van die verslae kompliseer.
- As sekondêre doel poog Van der Merwe om vas te stel wat die Afrikanerjeug se persepsies en verwagtings ten opsigte van Afrikanerkultuur-organisasies in die algemeen, en die AB in besonder, is.

Die gestelde doelstellings skep die verwagting dat die twee studies tot 'n breë veralgemeenbare beeld van die Afrikanerjeug sal kom en daarom 'n meer kwantitatiewe benadering sal volg waaruit breë veralgemenings moontlik word. Die navorsingsontwerpe leen hulle egter nie daartoe nie.

Voorts beskryf Du Toit die taak voor hande as 'n navorsingsprojek om die behoeftes onder die Afrikaanssprekende jeugsegment (18-35 jaar) binne die grense van Suid-Afrika, sowel as in die buiteland, te ondersoek. Uit die gerealiseerde steekproef blyk dit dat enkele van sy respondentes per geleentheid oorsee was, maar dit verteenwoordig nie 'n beeld van Afrikaners in oorsese lande nie. Van der Merwe sluit nie oorsese respondentes in nie, maar fokus sy studie op wat hy beskryf as persone wat almal al 'n bewese leierskapsrol in die samelewning vertolk het ("...hulle moes met ander woorde óf 'n prefek op skool, óf 'n huiskomiteelid of studenteraadslid op Universiteit of 'n presidentverkenner by die Voortrekkers gewees het, ensovoorts"). Beide beskryf hulle respondentes groepe as jong Afrikaners wat die Christelike lewensopvatting en waardestelsel onderskryf.

Daar kan dus ten aanvang aanvaar word dat die twee verslae bepaalde leemtes het in terme van die doelstellings wat gestel is en die verwagtings wat geskep is. Hierdie leemtes kan kwalik ondervang word by die integrering van die twee dokumente, nogtans bied die twee verslae 'n bepaalde beeld van die Afrikanerjeug wat, indien dit met ander studies saamgelees word, 'n bruikbare onderbou kan skep waarop verdere besluitneming gerig kan word. Die onderhawige verslag sal poog om sodanige beeld te konstrueer.

2 NAVORSINGSMETODOLOGIESE ASPEKTE VAN DIE VERSLAE

Dettoni (1993) beweer dat, om die jeug waarlik te begryp, etnografiese studies nodig is. Ideaal gesproke vereis dit dat die navorsing deelnemende observeerder raak in die leefwêreld van die jeugdige, maar verskeie navorsers (soos Cohen en Manion, 1995; Goode en Hatt, 1981) toon aan dat dit kwalik moontlik is om as volwassene deel te word van 'n jeuggroep. Die twee verslae, wat beide etnografies van aard is, bied ons 'n beeld van die jong Afrikaner deur die oë van jong navorsers wat die leefwêreld van die eie portuur groep betree en daaroor rapporteer.

Indien ons aanvaar dat die verslae op 'n interpretivistiese onderbou gegrond is, wat ten doel het om tendense en temas bloot te lê, dan is dit die taak van die navorsing om werklike lewensituasies te begryp en te verstaan vanuit 'n binne perspektief (vgl Burrell & Morgan, 1979; Guba and Lincoln, 1994; Nieuwenhuis, 2007). Ten einde die geloofwaardigheid van die navorsing te versterk, is dit nodig dat die tendense en kategorië wat uit die navorsing na vore tree met ander studies in verband gebring en vergelyk word ten einde te bevestig in welke mate hierdie bevindinge deur ander studies ondersteun word (triangulering).

Die uitgangspunt wat in die onderhawige verslag gevolg word, is dat ons in beide gevalle met kwalitatiewe studies te make het en dat die bevindinge (waar moontlik) met ander studies in verband gebring sal word om te bepaal tot welke mate die bevindinge deur ander studies ondersteun word. In hierdie verband moet dit duidelik gestel word dat so 'n oefening beperk word deur die feit dat min navorsing onderneem is oor spesifiek die Afrikanerjeug in die post-1994 era.

Du Toit (2007) gebruik kommersiële etnografie as data insamelingstegniek. Alhoewel hierdie metode deeglik in die navorsingsliteratuur beskryf word, word dit hoofsaaklik binne die bemarkingswese gebruik (vgl Miller, 2007; Masten & Plowman, 2003). Waar etnografie as 'n kwalitatiewe metode beskryf word waardeur menslike gedrag binne hulle natuurlike omgewings oor 'n langtyd geobserveer en beskryf word ten einde die gedrag te begryp en verstaan (Denzin & Lincoln, 1994), vind kommersiële etnografie oor 'n kort tydperk (3-4 ure) plaas binne enkele gekose situasies. Kommersiële etnografie fokus derhalwe primêr op 'n enkele verbruikersaspek ten einde 'n bemarkingsbesluit te ondersteun. Gevolglik mag dit 'n minder aangewese data insamelingstegniek wees vir die doeleindes gestel met die projek. Nogtans kan dit sekere insigte na vore bring oor hoe jong Afrikaners binne informele situasies uitdrukking gee aan hul eie

identiteit en kan dit die doel dien om te beskryf en te verklaar waarom jong Afrikaners op bepaalde wyses handel.

In die uitvoering van die seleksie van informante en die daarstelling van integrasies, volg Du Toit 'n erkende navorsingsbenadering. Geen aanspraak kan in die werkswyse gemaak word op enige verteenwoordigheid van die respondentie groep nie en die bevindinge kan hoogstens geldig wees ten aansien van die bepaalde sosiale groepering waarbinne die gekose informant beweeg. Vanweë die bepaalde wyse waarop die integrasies gerealiseer het, het daar uiteraard kontaminasie plaasgevind deurdat daar respondentie in die groepe was (bv. Engelssprekendes) wat nie deel van die ondersoek moes wees nie. In die integrering van die bevindinge van Du Toit se verslag sal daar dus van 'n suiweringsprosedure gebruik gemaak word. Eerstens sal alle data rakende Kleurling respondentie uitgeredigeer word sodat die data met die van Van der Merwe se verslag vergelyk kan word. Tweedens sal alle data van Engelssprekende respondentie negeer word en sal alle statistiese berekeninge verwijder word. Ons sal gevvolglik bloot met die persepsies en opinies soos spreek uit die verslae werk.

Van der Merwe beweer dat sy studie etnografies van aard is. Alhoewel hy beweer dat die gerealiseerde steekproef etnografies gesproke voldoende is om geldige bevindinge te maak, openbaar die steekproef bepaalde leemtes wat sodanige aanname weerspreek. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat Van der Merwe ook grootliks van inhoudsanalise as data analise metode gebruik gemaak het.

Samevattend, in die integrering van die twee verslae sal daar vertrek word van die aanname dat ons hier bloot te make het met die menings, persepsies en opinies van 'n groep jong Afrikaners en daarom kan daar dus slegs van die breë bevindinge gebruik gemaak word en sal die bevindinge, waar moontlik, met algemene literatuur in verband gebring word om 'n beeld van die jong Afrikaner te konstrueer. So 'n beeld is onvolledig en postuleer bloot die tentatiewe.

3 BEPERKINGE

Wanneer vanuit 'n kwalitatiewe vertrekpunt met die navorsingsgegewens omgegaan word, is die doel nie om tot veralgemenings te kom nie, maar om meerdere insig te bekom oor **hoe** bepaalde groeperings sin en betekenis gee aan hulle bestaan, die kultuurgroep waarbinne hulle beweeg en die samelewings waarbinne hulle self bevind. Dit gaan daarom nie om die aantal mense wat 'n bepaalde standpunt huldig nie, maar hoe sekere groepe sin gee aan hul bestaan.

Die waarde van hierdie indiepte kennis van die betekeniswêreld van sekere groepe, wanneer dit in verband gebring word met ander verslae, bied aan die besluitnemer breë ontluikende tendense binne die samelewingsverband wat in toekomstige strategieë verreken behoort te word. Waar ons in die verslae met hoofsaaklik studente en jong gegradeerde werk, bied die verslae aan ons 'n beeld van hoe toekomstige leiersfigure besig is om 'n eie identiteit en staanplek in die samelewing te verwerf.

Tweedens, werk ons nie hier met gegewe wetmatighede nie, maar met die persepsies van sekere individue in hulle natuurlike sosiale groeperinge. Hierdie persepsies is gegrond op sekere aannames, oortuigings en opvattinge wat binne daardie groepe (overt of kovert) as waar aanvaar word en daarom is dit waar binne daardie groep. Uiteraard mag die persepsies wat gehuldig word ontbloot wees van waarheid, op bepaalde aspekte teenstrydig wees, en selfs onthoudbare kontradiksies omvat, maar dit bly waar vir daardie groepe op hierdie tydstip aangesien dit deur die sosialisering binne die groep gelegitimeer word.

4 KONTEKSTUALISERING

4.1 Omskrywing van jeug

Die National Youth Policy (National Youth Commission, 1997) omskryf jeug as enige persoon tussen die ouderdom van 14 en 35 jaar. Sodanige omskrywing omsluit inderdaad 'n geweldige spektrum van ouderdomsgroepe wat binne verskillende sosio-politiese samelewingsverbande in Suid-Afrika grootgeword het. Volgens Kimmel in Kwago (2004:71) bestaan daar geen enkele kriterium wat die definisie van vroeë volwassenheid bevredigend kan rig nie en is dit belangrik om die konteks waarbinne die verskillende generasies grootgeword het in ag te neem wanneer daar oor die eienskappe en behoeftes van die jongmens besin word (Codrington, 1999).

In die internasionale literatuur word dikwels drie breë kategorië onderskei: die *Boomer-generasie* (wat gebore is in die tydperk van ongeveer 1948 tot 1970 en gevolelik buite die grense van die jeug soos omskryf deur die Jeugbeleid val), die *X-generasie* (die ouderdomsgroep 18 tot 30 jaar) en die *Millennium-generasie* (wat na 1990 gebore is en geen persoonlike ervaring van die Apartheidsjare het nie en ook nie deel van die onderhawige studie vorm nie). Let op dat Van der Merwe se beskrywing in dié verband nie korrek is nie en dat sy tekening van die groep daarom strydig met sy bevindinge is. Enkele kursoriiese opmerkings oor die drie groepe is nodig om sin te maak van die bevindinge van die twee studies.

Die *Boomer-generasie* in Suid-Afrika het grootgeword in die tydperk toe Afrikaner dominansie die sosio-politieke terrein oorheers het. Hierdie tydperk is gekenmerk deur Blanke ekonomiese welvaart, bevoordeling van die Afrikaner in die werk en sosiale milieu en toenemende studiegeleenthede vir die Afrikaner. Werkreservering het dikwels werkgeleenthede vir Afrikaners verkans en sy taal en kultuur is in die sosiale en ekonomiese terrein bevoordeel. Hierdie ouderdomsgroep het selde werkloosheid, intense armoede of 'n bedreiging van sy kultuur en taal ervaar. Terselfdertyd het die politieke bestel veroorsaak dat hulle geïsoleer en beperk was in hulle verkenning en omgang met die internasionale gemeenskap.

Hierteenoor kan die *X-generasie* in Suid-Afrika omskryf word as jongmense wat apartheid kan onthou en deel daarvan was, maar nie oud genoeg was om aktief in die stryd daarvoor of daarteen deel te neem nie. Die literatuur (plaaslik en internasional) omskryf dikwels die *X-generasie* as apaties teenoor gesag en met 'n siniese beskouing van die relevansie van die kerk en politieke onbetrokkenheid. Hierdie apatie kom duidelik na vore in die gegewens van die Onafhanklike Verkiesingskommissie Statistieke wat byvoorbeeld daarop duï dat kiesers in die 18 tot 25 jaar ouderdomsgroep in die 1999 Suid-Afrikaanse verkiesing die swakste registrasie en opkomsstatistieke van alle ouderdomsgroepe gehad het (aangehaal in Codrington 1999:30). Nicol (2003:287-295) toon aan dat 'n betekenisvolle groep eerste jaar studente se politieke en sosiale verantwoordelikhedsin relatief laag was met 'n lae belangstelling in sending.

Die *X-generasie* word in die literatuur getypeer as sterk kompetisiegerig en self-gesentreerd. Snook (2000) beskryf die *X-generasie* as jong volwassenes wat dikwels op latere ouderdom die huis verlaat en trou, beskik oor 'n relatief hoë inkomste peil wat hulle hoofsaaklik op opwindende vryetydsaktiwiteite spandeer, en dat hulle meer materialisties geörienteerd is. Tereg wys Trommsdorff (2000) daarop dat hierdie generiese bevindings vanselfsprekend beïnvloed word deur geslag, ouderdom, selfbeeld en persoonlike omstandighede. Nogtans toon verskeie navorsers (Crockett & Silbereisen 2000; Larson, Bradford Brown & Mortimer 2002; Kamper, 2006) aan dat daar 'n groot aantal gemene delers is wat jong volwasenes as groepe tipeer.

Kamper (2006) wys daarop dat 'n groot aantal navorsingsprojekte oor die toekomsverwagtinge van die jeug aantoon dat jongmense deurgaans 'n gevoel van beheer oor die toekoms het (Grob & Flammer 1999:111) en dat liefde vir die eie sterker is as globaliseringsdenke (Flanagan & Botcheva 1999: 141). Materialistiese waardes en aspirasies figureer prominent, maar tog blyk godsdiensoortuigings steeds taamlik standhoudend te wees (Larson 2002: 13). Volgens Elder en

Russell (2000) se navorsing onder jongmense wat hulle in erg gedepriveerde maatskaplike omstandighede bevind, soek hierdie jongmense (veral die meer ambisieuses) in hulle toekomsverwagtings en -beplanning groener weivelde, ondanks familiebande en liefde vir die eie. Kamper (2006) konkludeer dat die omvang en intensiteit van jongmense se uitwaartse toekomsoriëntasie 'n indikator is van die gebrek aan samelewingswelsyn.

Wanneer ons met jong volwassenes werk, is dit moeilik om hulle in 'n keurslyf te druk van 'n tipiese beeld soos in die algemene literatuur bespreek word. Ons moet aanvaar dat hierdie groep reeds in 'n hoë mate 'n eie identiteit gevvestig het, dat hulle waardes bes moontlik anderse nuanses sal omsluit wat verskil van die ouer generasie en dat die sin en betekenis wat hulle aan sosiale instellings gee, mag verskil van dié van hulle ouers. Ten beste kan ons uit die oorsigtelike bespreking van die *X-generasie* breë riglyne trek aan die hand waarvan ons die bevindinge soos uit die twee verslae na vore tree kan klank om te bepaal in welke mate die bevindinge die breë beeld ondersteun wat dus op algemeen geldende bevindinge kan dui, maar dit bied ook geleentheid om nuanses te ekstrapoleer vanuit die bevindinge.

Gegee die wydlopende bespreking van jongvolwassenes in die algemene literatuur, is dit nodig dat twee verdere aspekte kursories aangeraak word vir sover dit 'n invloed mag hê op die bevindinge wat in die twee verslae gerapporteer word.

4.2 Populêre jeugkultuur

Vanuit 'n psigologiese perspektief weet ons dat adolossente en jong volwassenes gesag en tradisionele waardes en norme bevraagteken. Hierdie is nie 'n nuwe verskynsel nie en moontlik so oud soos die mens self. Wat wel oor die afgelope vyf dekades sterk na vore getree het, is die intensiteit van die verset en uitgesprokenheid van die jeug oor die aangeleenthede. Sedert die sestiger jare van die vorige eeu het jeugdiges daarin geslaag om deur die massamedia 'n eie sub-kultuur te vestig wat sodanige momentum verwerf het dat die meeste sielkundiges en sosioloë dit eens is dat ons met 'n globale populêre jeugkultuur te make het wat 'n eie jargon, kleredrag, musiek en vryetydsbesteding nastreef. Hierdie subkultuur beweeg toenemend weg van die gevvestigde en stabiele tradisionele waardes na virtuele waardes en 'n bykans virtuele interpretering van realiteit (Nieuwenhuis, Prinsloo & Beckman, 2007). In hierdie opsig word die populêre jeugkultuur dan ook 'n manifestasie van 'n post-modernistiese era met sy totale afwysing van dit wat as behorende tot die moderne era beskryf word. Dit sou naïef wees om te beweer dat die Afrikanerjeug nie ook deur hierdie populêre jeugkultuur beïnvloed word nie.

Enkele van die breë kenmerke wat met populêre jeugkultuur in verband gebring word sluit in:

- Seksuele bevryding en seksuele promiskuitéit
- Die afwysing van respek en gesag
- Hedonisme en 'n nastreef van eie belang
- Drank en dwelmmisbruik.

Musiek staan ook sentraal binne die populêre jeugkultuur. Waar musiek tradisioneel 'n vermaaklikheidsfunksie vervul het, speel musiek toenemend 'n vormende invloed ten aansien van die identiteit van die jeug. Schultze (1991: 87) stel dit soos volg: "*The teenager goes to the school of adolescence with entertainment as friend and teacher.*" Mueller (1994: 67) beweer in die verband: "*Popular music meets our children and teens where they are, answers their questions, influences their evolving world, and plays a significant role in who they will become as adults.*" Nie alleen vertel musiek aan die jeug wat en waaroor hulle moet dink nie, maar ook hoe om aan te trek en op te tree om binne hulle eie portuurgroep aanvaar te word.

Die oplewing in Afrikaanse (alternatiewe) musiek onder Afrikanerjeug kan (moet) ook as deel van die fenomeen gesien word. Ter illustrasie: Die afgelope paar jaar het die liedjie "*De La Rey*" van Bok van Blerk baie aandag getrek. Op Litnet ('n Afrikaanse literêre webtuiste) sê Koos Kombuis dat hy en Van Blerk nie veel verskil nie: "*Al is hy (Bok) jonk, dra hy die swaar las wat alle denkende Afrikaanssprekendes en die res van Suid-Afrika dra; die swaar en pynlike las van die afgelope 40 jaar.*" Die stelling versterk die indruk dat die liedjie in die eerste plek 'n politieke stelling rakende Afrikanernasionalisme wil maak. Dit is egter nie Van Blerk se bedoeling nie. Hy stel die volgende aan Rapport (2007): "*As ons nie op ons geskiedenis trots is nie, sal mense ruggraatloos rondloop en dit sal nie cool wees nie. In die verlede het Steve Biko aan sy mede landgenote gesê dat ons die land met ander deel, maar dat ons steeds moet vashou aan ons identiteit – dit is deel van ons geskiedenis.*" Zelda La Grange (persoonlike assistent van voormalige Pres. Mandela) sien die liedjie egter as bewys van 'n soekende by die jeug (wit en swart) na iemand om mee te identifiseer.

Voormalde voorbeeld illustreer die potensiaal wat musiek het om debat te stimuleer en vir persone te vertel wat om oor te dink ('n agendastellende funksie). As ons dan kyk na wat die tipe van Afrikaanse liedjies is wat oor die afgelope paar jaar op kampusse populêr was, vind ons liedjies soos Klopjag se "*Nie langer*" met die volgende lirieke: "*Ek sal agter in die tou staan, my reënboog op my mou dra, maar ek sal nie langer jammer sê nie.*" En: "*Hou op geld mors op*

naamsveranderings, daar is mense sonder huise en kinders sonder kos, wie is nou die sondebok?" Soortgelyk sing Radio Suid-Afrika in die liedjie "Bid". "Want dis moord en kinder-rape, en skelms wat nog messe slyp." Hierdie enkele voorbeeld toon dat sosio-politieke temas wel sterk figureer in musiek en dat die siening dat die jeug apaties teenoor politiek staan dalk eerder vertolk moet word as 'n apatie teenoor tradisionele vorme en politieke strukture.

Wanneer ons dan 'n profiel van die Afrikanerjeug probeer saamstel, moet ons in ag neem dat daar bepaalde globale kenmerke is wat hulle met ander jeugdiges in gemeen sal hê en dat hulle nie die globale tendense kan ontkom nie. Die tendense sal dan ook op 'n bepaalde wyse inspeel op hulle identiteitsvorming. Tweedens, dat die weg waarlangs hulle tot selfekpressie kom, nie noodwendig deur tradisionele strukture of kommunikasie weë sal wees nie. Die koms van die rekenaar, die Internet, e-handel en satellietkommunikasie maak alles deel uit van McLuhan (1995:335) se '*seamless web of electronics*' wat die moderne wêreld uiteindelik in 'n enkele wêreldorp of *global village* omskep. Die globale elektroniese inligtingsnet plaas die moderne mens by wyse van die satelliet, televisie, radio en die rekenaar letterlik in die woonkamer van ander volke en kulture. Dit is veral die Amerikaanse kultuur wat op dié wyse wêreldwyd in woonkamers ingedra word. So word 'n magtige Amerikaanse populêre kultuurindustrie geskep wat 'n groot invloed op die moderne globale lewenstyl uitoefen en die beweging na 'n sogenaamde wêreldkultuur momentum gee (Du Plooy en Grobler, 2002).

4.3 Afrikaans en jeugkultuur

Du Plooy en Grobler (2002) beweer dat taal nie alleen inhoud en struktuur aan die mens se denke gee nie, maar dit klee in der waarheid die totale sosiale werklikheid in. Hieruit voortvloeiend kan dit gestel word dat die waardes en ander geestesgoedere, wat kollektief die sosiale werklikheid van Afrikaanssprekendes rig, ook in die taal ingebed is. Die afleiding kan daarom gemaak word dat deur taal en sosialisering binne die Afrikanergemeenskap Afrikaanssprekendes 'n eie gemeenskaplike betekenisraamwerk stig. Servaes en Lie (soos aangehaal deur Du Plooy en Grobler, 2002) onderskei 'n interne sowel as 'n eksterne kultuurgerigtheid by alle mense. Interne gerigtheid dui op die assosiasie na binne met 'n eie kultuur (of subkultuur of elemente daarvan). Eksterne gerigtheid daarenteen, dui op 'n assosiasie met ander kulture binne sowel as buite die land. In hierdie verband is populêre jeugkultuur soos bespreek 'n voorbeeld van eksterne beïnvloeding.

Die standpunt van Van der Merwe (2007) dat daar nie noodwendig 'n ekwilibrium tussen kultuur en omgewing is nie; dat kultuur nie gereduseer kan word tot 'n reeks aanpassingstrategieë nie; en dat elke individu in die bevolking nie dieselfde gedrag openbaar nie, of oogmerke nastreef nie, word ondersteun. Alhoewel daar dus 'n verskeidenheid van eietydse invloede is wat op die individu en groep inspeel is die proses van identiteit bou nie reduseerbaar tot 'n enkele of primêre invloed nie, maar vorm dit 'n komplekse patroon van interaktiewe prosesse waarbinne elke individu self sin en betekenis gee om 'n eie identiteit te vestig. Daar kan dus nie spake wees van 'n enkele profiel wat tipies Afrikanerjeug is nie of selfs van 'n reeks profiele waarbinne die Afrikanerjeug geforseer kan word nie. Hoogstens het ons te make met 'n breë beskrywing wat algemene tendense omvat wat breedweg as Afrikanerjeugidentiteit omskryf kan word.

Ehlers (2007) stel dit dat die Afrikanerjeug besig is om hulle taal te herontdek. "*Hul is bereid om krities te kyk na hierdie taal waarvoor hul so lief is en vrede te maak met die verlede daarvan. Die jeug is bereid om weer self die tuig op te neem en te help bou aan die trotse tradisies en erfenis van hul taal. Inderdaad is hul bereid om weer in te koop en eienaarskap van Afrikaans te neem.*" Tydens die Tweede Nasionale Taalberaad (2007) stel Christo van der Rheeë dit dat die krisis in Suid-Afrika geleë is by die 14-35 jaar groep. "*Vir hierdie groep is Afrikaans die ideale inkubator om weer vir hulle hoop te gee op die toekoms, hulle menswaardigheid te herstel, te bevry van die negatiewe self en hulle te help om met selfvertroue te kan meeding in die arbeidsmark. Indien ons hulle nie die geleentheid gee om hoë vlak kritiese denk-, verbale-, skryf- en tegniesevaardighede te ontwikkel nie, hou dit enorme sosiale implikasies in vir ons almal.*"

4.4 Die samelewingskonteks van die Afrikanerjeug

Nieuwenhuis (2000) stel dit dat die jeug beide die produk en slagoffer van die samelewning is waarbinne hulle groot word. Hulle kan die tydgeses wat heers nie ontkom nie. Nog nooit het jong volwassenes soveel geleenthede gehad om voordeel te trek uit tegonolies-ekonomiese ontwikkeling nie. Terselfdertyd impakteer sosio-ekonomiese invloede van geweld en misdaad, armoede, verbrokkeling van gesinne, verval in etiese en morele waardes asook polities-ideologiese transformasie en rekonstruksie met ongekende intensie op hulle lewens (Larson, Wilson en Mortimer, 2002; Nieuwenhuis, 2000). Te midde van hierdie stroom van invloede en veranderinge moet die jong volwassene sy identiteit – ook as Afrikaner - vind.

Volgens Pilusa (soos aangehaal in Codrington, 1999: 31) is nagenoeg 75% van Suid-Afrikaners tussen die ouderdom 16 en 30 jaar werkloos. Soortgelyk beweer Kamper & Steyn (2007) dat armoede- en werkloosheidsyfers sedert 1994 beduidend gestyg het en steeds styg, dat die gaping tussen ryk en arm toenemend wyer word en dat geweldsmisdaad in Suid-Afrika tussen 1994/5 en 2001/2 met 33% toegeneem het. Kingdon en Knight (2004:198) noem dat die werkloosheidsyfer in Suid-Afrika van die hoogste ter wêreld is – 42% in 2003. Alhoewel werkloosheid onder blanke jeugdiges op 5% geraam word (SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, 2007), is daar 'n sterk persepsie onder Afrikanerjeugdiges dat hulle deur die regering se regstellende aksiebeleid ingeloop word. Oorlewing is dus die kern motiveringsfaktor vir baie jeugdiges en as gevolg hiervan word jeugdiges gedwing om kreatiewe geleenthede te skep en risiko's te neem.

Kamper (2006) het bevind dat jong Afrikaners, in frekwensievolgorde die volgende as die land se grootste probleme sien: HIV/VIGS (20.8%), werkloosheid (17.7%), geweldmisdaad (15.9%), regstellende aksie (9.9%), korruksie (9.6%) en armoede (6.9%). Respondente uit die hoërinkomstgroep het verhoudingsgewys groter klem gelê op geweldmisdaad, rassespanning en regstellende aksie as landsprobleme.

4.5 Samevatting

Gegee die breë oorsig, kan daar verwag word dat 'n ondersoek na die Afrikanerjeug een of meer van die volgende tendense mag onderskryf:

- Navorsingstudies mag 'n tendens onderskryf van 'n afwysing van tradisionele norme en waardes en moontlike afwysing van tradisionele gesagsinstellings.
- Indien hulle identiteitsverwerwing normaal verloop het, behoort daar tekens van 'n liefde vir die eie taal en kultuur te wees. Taal behoort 'n sterk draer van die eie te wees.
- As groep mag die Afrikanerjeug in 'n meerdere of mindere mate 'n selfgerigtheid openbaar wat kenmerkend van hierdie ouderdomsgroep is.
- Alhoewel daar nasionaal en internasional 'n wegbeweeg van die tradisionele kerk is, behoort godsdiensoortuigings steeds taamlik standhoudend te wees met bepaalde nuanserings.
- Waar jong volwassenes hoër onderwysopleiding deurloop het, mag hulle 'n relatief hoë inkomste peil hê en gevvolglik 'n neiging tot 'n meer materialisties georiënteerdheid openbaar.

- Hulle toekomsverwagting sal deur geldende samelewingstendense mede bepaal word, maar as groep behoort daar tekens van 'n optimisme te wees wat tipies van hierdie ouderdomsgroep is.
- Gegee die huidige politieke klimaat in Suid-Afrika mag daar tekens wees van 'n uitwaartse oriëntering.
- Musiek mag 'n belangrike rol speel in groepsverband wat sal saamhang met ander tendense om 'n eie subkultuur te ondersteun.
- Kommunikasie sal sterk bepaal en beïnvloed word deur moderne kommunikasie middele.
- Sosio-ekonomiese invloede van geweld en misdaad, armoede, verbrokkeling van gesinne, verval in etiese en morele waardes asook polities-ideologiese transformasie en rekonstruksie sal 'n sterk invloed uitoefen op die beeld wat die Afrikanerjeug openbaar.

5 BEVINDINGE

5.1 Selfbeeld

a) Identiteit

Van Der Merwe (2007) onderskei op grond van sy navorsing aan die een kant die jong Afrikaner se "*private leefwêreld waar Afrikanerwaardes, -kultuur, -identiteit en -moraliteit gekonsipieer en uitgeleef word*". Hierteenoor word 'n breë, intersubjektiewe Suid-Afrikaanse transaksionele ruimte gepostuleer waarbinne die Afrikanerjeug die post-apartheid Suid-Afrika beleef en ervaar. Sodanige onderskeid kan vanweë die aard van die navorsingsontwerp nie ondersteun word nie. Waar daar uitsluitlik onderhoude met jong volwassenes in groepsverband gevoer is, kan die portuurgroepinvloed op die menings wat uitgespreek is nie negeer word nie, en is die beeld soos gemanifesteer gemodereer deur die invloed van die ander wat in die groep aanwesig was. Nogtans is daar bepaalde teenstrydighede in die response gerapporteer wat duidend kan wees van 'n onvoltooide identiteitsvorming.

Du Toit (2007) poog om op grond van sy data 'n aantal segmente binne die Afrikanerjeug te onderskei. Aangesien hierdie segmentasie nêrens in die bespreking van die data gesubstansieër word nie en die ouderdomsindeling arbitrêr voorkom, word dit voorlopig ter syde gestel. Die onderskeid tussen lewenstyl en persoonlikheid is meer houbaar aangesien dit wel deur dele van die ouderhoude elders in die verslag ondersteun word. Du Toit (2007) definieer lewenstyl as die wyse waarop mense hulle tyd deurbring, wat hulle as belangrik beskou in hulle omgewing en wat hulle opinies oor hulself en die wêreld is. Weer eens word die aandag daarop gevvestig dat ook dit deur die groep binne die onderhoudsituasie gemodereer is, maar in hierdie geval kan die

observering van die lewenstyl 'n aanduiding gee van die manier waarop die individu aan sy identiteit uitdrukking gee. Ongelukkig word observasie data gebrekbaar gerapporteer. Let op hoe kragtig die volgende observasie van Adriaan Basson (Mail and Guardian, 2008) die lewenstyl van twee jong Afrikaners saamvat: "*The guy in front of me is well dressed. Expensive jeans, Hugo Boss cologne, Pringle shirt. Next to him sits his blonde girlfriend: petite, friendly and sweet. They look harmless where they sit on a leather couch, watching rugby with a group of friends, sipping from glass bottles of Heineken or Brutal Fruit.*" Hierdie tipe van observasiedata kon die aannames van Du Toit en Van der Merwe sterker ondersteun het.

Du Toit (2007) wys in 'n bespreking van die respondenten en waarnemings rakende die respondenten, daarop dat daar 'n wegbeweeg is van 'n tradisionele lewenstylpatroon (skool → weermag → universiteit → trou) na 'n uitgestelde ouderdom waarop uit die huis beweeg word en huwelike gesluit word. Sy navorsing bevestig ook 'n meer self-georiënteerde lewenstyl, 'n buigsaamheid teenoor tradisionele waardes en 'n trots om met Afrikaner-wees te identifiseer.

Du Toit (2007) onderskei ook 'n aantal persoonlikheideienskappe van die jong volwasse Afrikaner. Van hierdie eienskappe word deur ander plaaslike en internasionale studies onderskryf. Op grond van die eienskappe geïdentifiseer kan die jong volwasse Afrikaner beskryf word as kompetisiegerig ("*Om die beste te doen wat ek kan en om ander verby te steek*"), selfgeldend ("*Ek sal besluit watter onderwerpe is belangrik vir my en ek sal my opinie daaroor vorm, maar as dit moet, sal ek na jou luister*"), en groepsgeoriënteerd (moet "pelle hè"). Insgelyk openbaar hulle uitsprake bepaalde kontestasies wat hul identiteit aanbetrif (bv. sorgeloosheid vs. kompetisie; "*Ek is niemand se walking billboard nie*" vs kwaliteit golfstokke; aggressie vs onsekerheid; impulsiviteit vs ordelikheid). Hierdie teenstrydighede val geensins vreemd op nie, aangesien een van die goed gedokumenteerde eienskappe van die jong volwassene juis 'n soeke na die vestiging van 'n eie identiteit is. Hierdie soek na self-bevestiging sal vervolgens onder die loep geneem word.

b) Selfbevestiging

Van der Merwe (2007) argumenteer dat baie jong Afrikaners as gevolg van apartheid ervaar dat hul geskiedenis, verlede en herkoms in 'n groot mate gekontamineer is. Hy voer aan dat dit die rede is waarom Afrikaners in hierdie stadium nie bereid is om hul etniese gevoelens sterk in die openbaar uit te spreek nie. Afrikaners probeer om so ver as moontlik polities korrek op te tree. Tereg merk Van der Merwe (2007) op dat die Afrikanerjegug 'n dualisme openbaar (sien ook (a) hierbo). Aan die een kant word dit wat tradisioneel met tipiese Afrikanerwaardes, -merkers en -

kultuur geassosieer is, grootliks verwerp, maar insgelyk is hulle in 'n proses van herdefiniëring en herontdekking van Afrikanerskap. Maar die problematiek sny dieper as bloot die sosio-politieke of historiese.

Du Toit (2007) beskryf insidente waar studente mans te veel drink, terwyl hul vaders as vreeslik kwaai bestempel word. Op 'n ander plek word 'n respondent aangehaal wat sê "*Ek drink hard, werk hard, vry hard en gaan hard kerk toe.*" Hy skryf dan ook hierdie toedrag daaraan toe dat studente hopeloos te veel geld het en daarby geen bekommernisse in die wêreld het nie. Die meeste respondente voel dat die verval van waardes in huise plaasvind, omdat ouers nie meer hul kinders dissiplineer of aandag aan hul kinders skenk nie. Kinders wat glo uit te streng huishoudings kom, haak die meeste uit op universiteit. Die respondente bokant 25 jaar se reaksie is dat hierdie studente nog steeds weet wat reg en verkeerd is en dat hul almal eendag wel hulle plek in die samelewing sal inneem en hul bydrae sal lewer. Met ander woorde, hulle soek na selfbevestiging is nog onafgesluit en daarom openbaar hulle bepaalde teenstrydighede in hulle response en gedrag. Van der Merwe (2007) merk dan ook op dat Afrikaneridentiteit teenswoordig 'n sterk dialektiese teenstrydigheid openbaar – 'n mens sou kon praat van 'n idealistiese teenoor 'n realistiese hoedanigheid, terwyl sintese die element is wat dikwels ontbreek. Ook hierdie bevinding stem ooreen met internasionale studies onder jong volwassenes (vgl. Mueller, 1994; Pretorius, 1988; Reilly & Lewis, 1991).

c) Waarde oriëntering

Reeds in 1978 merk Du Plessis op dat waardes polivalent binne 'n heterogene multikulturele samelewing geraak het en merk Nieuwenhuis (2001, 2007) op dat tradisionele etiese norme en waardes rakende kuisheid en huwelikstrou vervlak en dikwels verval het. Du Toit (2007) beweer egter dat die jong volwassenes in sy ondersoek glo dat hul waardesisteem nie veel verskil van vorige geslagte of hul ouers s'n nie. Die meeste respondente sal noem dat hulle gehoor het dat dit in vroeër jare baie rowwer gegaan het in koshuise rondom drank en seks. Hulle huldig dan ook die mening dat waardes van mens tot mens verskil en dat nie "almal moreel hoog kan lewe nie, want die lewe het verskillende invloede op elke mens". Voorts word dit gestel dat moraliteit van opvoeding af kom en dat daar vlakke van waardes is. Die belangrike stelling wat Du Toit(2007) vervolgens maak, is dat respondent "dit moeilik vind om daar bó te wees en hulle probeer dan om 'n gemiddeld tussen goed en sleg te vind." Tweedens, word dit gestel dat respondent beweer dat ouers waardesisteme gevlestig het wat nooit bevraagteken is nie en wat sogenaamd outomaties reg was. *Die groep bokant 30 voel dat ouers oor soveel goed*

wat hulle ons geleer het verkeerd was en daarom begin die volgende generasies om alles te bevraagteken en het hulle niks meer respek vir waardes nie. Hierdie twee stellings werp lig op 'n verskeidenheid van teenstrydighede wat in die verslae na vore tree en verdere toelighting vereis.

Nieuwenhuis (2007) op grond van die insigte van skrywers soos Kohlberg (1987), Nucci (1996) en Licona (1999) maak die stelling dat elke generasie opnuut voor die uitdaging te staan kom om waardes te herontdek, te definieer en te herdefinieer. Een generasie kan nie sy waardes onveranderd aan die volgende deurgee nie. Elke generasie moet self sin en betekenis gee aan dit wat nastrewenswaardig en waardevol is. Wanneer 'n opkomende generasie waardes anders interpreer en definieer is dit tekenend van 'n herdifiniëring van bestaande waardes. Die feit dat beide ondersoekte tot 'n anderse interpretasie van voorhuwelikse seks kom is illustratief van 'n nuwe genuanseerde interpretasie van kuisheid en verklaar dan ook waarom jong volwassenes hulself teken as nie-promiskueus. Die ondersoekte bevestig voorts dat die bewustheid van die waardes van ouers inspeel op hoe jong volwassenes hulle eie waardes definieer en leef. Insgelyks is dit duidelik dat die portuurgroep ook 'n sterk vormende invloed in dié oopsig uitoefen. Beide observasies word deur literatuur oor die onderwerp ondersteun.

Teen hierdie agtergrond val dit op dat die volgende ontluikende elemente van 'n andersoortige waardestelsel na vore tree:

- Jong volwassenes openbaar 'n groter mate van vryheid rondom die seksuele en voorhuwelikse seks.
- 'n Herinterpretering van "seks as sonde" met groter klem op vergifnis as kerklike beginsel.
- 'n Groter openheid en erkenning van homoseksualiteit.
- 'n Sterk standpuntinne name teenoor die gebruik en misbruik van dwelmiddels en 'n bereidheid om op te tree teenoor die wat dit gebruik.

d) Spiritualiteit

De Wet (2003) wys daarop dat kerklike sensusstatistiek aantoon dat Afrikanerjeugdiges dikwels na belydenisaflegging kerklos word. Raubenheimer (1997) en Barna (1995) wys daarop dat kerkvervreemding (kerk-los-heid) nie noodwendig impliseer dat die jeug nie 'n soeke na geloof en geloofservaringe het nie, maar dat die jeug nie noodwendig die spirituele ervaringe binne die tradisionele kerk vind of soek nie. Nicol (2003:287-295) se navorsing met 'n aantal eerstejaarstudente binne die Nederduits Gereformeerde Kerk het onder andere gevind dat 'n betekenisvolle groep die behoeftte uitgedruk het om 'n gevoel van behoort aan die kerk en 'n

gevoel van eenheid te ervaar. Hulle wil ook 'n atmosfeer ervaar waar hulle tuis en gemaklik voel en wat bevorderlik is vir aanbidding. Hierdie bevinding strook met dit wat in die onderhawige twee verslae gerapporteer word. Volgens Du Toit (2007) speel kerk 'n belangrike rol onder jong Afrikaner volwassenes. Van der Merwe (2007) toon aan dat die meerderheid van sy respondenten aangetoon het dat hulle gereeld kerk toe gaan en aktiewe lidmate binne hulle onderskeie gemeentes is.

Respondente het dan ook aangedui dat hul die Woord van God wil hoor, maar dat hulle nie noodwendig aan 'n bepaalde kerk gebonde is nie. Beide verslae toon dan ook aan dat respondenten verskillende kerke vir verskillende spirituele belewenisse besoek. Waar sommiges voel dat jy getrou moet bly aan die kerk waarin jy grootgeword het, voel ander vanweë 'n verskeidenheid van redes anders. So is daar respondenten wat meen dat die NGK verkeerd was en hul wil eerder na kerke toe gaan, waar hul God beleef en waar almal gelyk is. Die respondenten in Van der Merwe (2007) se studie is ewe eens krities teenoor die NGK. Kritiese uitsprake soos, "*die NG Kerk is primêr op geld gefokus*"; "*Afrikaanse kerke is outyds en aartskonserwatief*"; "*hulle is veroordelend en superkrities*"; "*hulle word gedikteer deur oud-Broederbondomies*"; "*hulle bemoei hulle te veel met politiek en probeer te hard om polities korrek te wees*"; "*die Afrikaanse kerke is nie meer beginselvas en godsvresend nie*" is deur van die informante gemaak. Volgens Du Toit (2007) verkies respondenten 'n meer evangeliese kerk, "...want hul voel die Gees beweeg nie altyd in die NGK nie." Waar van der Merwe (2007) beweer dat daar 'n duidelike beweging na charismatiese kerke is, stel Du Toit (2007) dit dat charismatiese kerke nie alle studente aanstaan nie, maar dit is duidelik uit beide verslae dat studente meer soek as net die tradisionele boodskap wat in kerke gebring word. Lofprysing en dinamiese boodskapverkondiging is belangrik.

Volgens Du Toit (2007) is die kerk 'n plek waar respondenten vir 'n rukkie kan veilig voel teen die druk van die wêreld en dit bring weer 'n menslike element terug in hul lewens. Respondente voel veilig tussen mense wat soos hulle is - nie 'n klomp heiliges soos in die *ou* dae nie, maar tussen mede-sondaars, wat soms te veel drink en soms seks het (vgl (b) hierbo rakende die herdefinieering van waardes). God sê weer vir hulle dat hulle 'okay' is, ten spyte van hul sondes. Volgens Van der Merwe (2007) het jong mans die mening gehuldig dat die kerk en die gemeenskap nie meer so voorskriftelik oor hul lewens moet wees nie. Die kontemporêre filosofie is dat jy eerder 'n goeie mens moet wees, goed leef en in God glo en moet probeer om die "*rêrig verkeerde dinge*" te vermy. Volgens die respondenten in Du Toit (2007) se verslag is die kerk die enigste plek in die samelewing van vandag, wat nog rigting gee en vertel hoe om die

lewe se krisisse te hanteer. Die kerk gee studente leiding oor aangeleenthede wat hul raak en sommige van die respondentte het aangetoon dat die kerk (veral die sisterskerke) onnodig aangevat word. Van der Merwe (2007) toon egter aan dat respondentte gevoel het dat die Afrikaanse kerke minder veroordelend moet wees en dat hulle groter menslikheid, christelike liefde en verdraagsaamheid teenoor alle Suid-Afrikaners moet openbaar. Ook Du Toit (2007) toon aan dat studente 'n groter openheid openbaar teenoor homoseksueles en dit stel dat *gays* welkom is in die kerk.

5.2 Kultuur

a) Taal

Daar is reeds verwys na Du Plooy en Grobler (2002) se stelling dat taal nie net inhoud en struktuur aan die mens se denke gee nie, maar in der waarheid die totale sosiale werklikheid inklee. Volgens Van der Merwe (2007) het respondentte Afrikanerskap en Afrikanerkultuur gedefinieer as, onder andere, "*iemand wat Afrikaans praat*". Respondente in beide verslae het aangedui dat hulle die Afrikaanse taal as dierbaar en kosbaar bejeen en respondentte het die hoop uitgespreek dat hulle kinders ook eendag die wonderlike voorreg sal hê om Afrikaans te kan ervaar. Soos met die bespreking rakende identiteit tree bepaalde teenstrydighede rakende taal na vore in die verslae.

In beide verslae spreek respondenten die mening uit dat Afrikaans se posisie in Suid-Afrika benadeel en bedreig word, veral in die sakewêreld en industrie. Respondente was ook van mening dat die felste stryd vir Afrikaans in die onderwys gevoer word. Respondente kon insidente aanhaal waar hulle taalregte hulle op een of ander stadium ontsê is. Nogtans voel studente dat Afrikaans onder druk vooruitgaan. Hulle verwys dan ook na die oplewing in die Afrikaanse musiekbedryf om hulle argument te staaf. Respondente was dit eens dat daar die afgelope tien jaar 'n drastiese verbetering in Afrikaanse musiek was en dat dit veral die verskeidenheid tipes Afrikaanse musiek was waарoor hulle opgewonde en positief is. Almal het toegegee dat hulle gereeld na Afrikaanse musiek luister en Afrikaanse CD's koop. Alhoewel studente self Afrikaans met Engelse woorde meng sien hulle dit nie as miskenning van Afrikaans nie.

Volgens Du Toit (2007) voel sekere studente gegrief deur die feit dat Engels dikwels op hulle afforseer word. Terselfdertyd is daar onder jong Afrikaners 'n bereidwilligheid om Engels as kommunikasietaal in die besigheid en akademiese wêreld te gebruik. Nogtans spreek hulle hulle sterk uit oor die handhawing van Afrikaans as onderrigtaal. Dit is belangrik om daarop te wys dat die akademiese inrigting waaraan studente studeer ook hul houding teenoor die handhawing van Afrikaans beïnvloed.

Van der Merwe (2007) toon aan dat respondenten se interaktiewe betrokkenheid by Afrikaans, ondanks hulle besorgdheid, eintlik swak is. So byvoorbeeld het die meerderheid van respondenten aangedui dat die laaste Afrikaanse boek wat hulle gelees het hul voorgeskrewe Afrikaanse boek in matriek was. Slegs sewe van die respondenten in Van der Merwe se ondersoek het gemeld dat hulle die afgelope jaar 'n Afrikaanse boek gekoop of gelees het terwyl slegs vier die afgelope drie jaar 'n Afrikaanse toneelopvoering bygewoon het. Voorts toon Van der Merwe aan dat respondenten wel een van die vele Afrikaanse kunstfeeste bygewoon het, maar buiten dalk 'n popkonsert het geeneen van hulle geld bestee op enige ander Afrikaanse kultuurvorm nie.

Volgens die inligting vervat in Van der Merwe (2007) se verslag blyk dit dat jong Afrikaners al hoe minder lees. Hulle lees weinig Afrikaanse boeke en verder is hulle ook traag om Afrikaanse koerante en tydskrifte te lees. Diegene wat wel die moeite doen om dit te lees, lees dit uiter selektief. Van der Merwe (2007) wys daarop dat die geskrewe woord nog altyd 'n baie effektiewe medium vir akkulturasie was. Die oordrag en oorvertel van volksmites en narratiewe het in die verlede grootliks deur middel van die geskrewe woord geskied (Giliomee & Schlemmer

2006:127). Dit is vanuit die bogemelde tendens duidelik dat dit nie meer die geval is nie. Die realiteit is dat die Afrikaner besig is om een van die kernelemente wat kultuurverbondenheid verseker, te verloor.

b) Afrikaner se geskiedenis

Respondente (Van der Merwe, 2007) beweer dat die Afrikaner se geskiedenis negatief uitgebeeld word en dat die Afrikaner se rol as te ware uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis geskryf word. Respondente voel dan ook gegrief dat dit veral Afrikaanse plekname is wat verander word en Afrikaanse historiese figure is wie se standbeelde verwyder of afgebreek word. Hulle was van mening dat om bestaande monumente te verander om swart geskiedenis te akkommodeer 'n minagting van wit lyding en geskiedenis is. Nogtans is hulle van mening dat die Voortrekkermonument en die Bloedriviermonument te veel klem lê op Zoeloe-moorde wat verkeerd is. Dit moet meer akkommoderend wees. Respondente voel dat ordentlike monumente vir swartes gebou moet word om hulle geskiedenis te herdenk, en daar is begrip vir die regering se beleid om die geskiedeniskurrikulum op skool meer inklusief te maak. Terselfertyd voel respondenten dat daar passievol geskryf moet word oor wat die Afrikaner vermag het hier in Afrika en oor die positiewe dinge wat hulle wel gedoen het. Van der Merwe (2007) se verslag stel dit dan ook dat respondenten dit eens is dat Afrikanergeskiedenis vir Afrikaners van wesenlike belang is, veral as die Afrikaner enigsins as kultuurgroep sou wou oorleef.

Weer eens tree 'n teenstrydigheid skerp in reliëf in Van der Merwe se verslag: die meeste respondenten se eie kennis van die Afrikaner se geskiedenis en Afrikaner leiers is uiterst gebrekkig. Dieselfde verskynsel het geblyk toe respondenten se mening gevra is oor die betekenis wat openbare vakansiedae soos Geloftedag (tans bekend as Versoeningsdag) vir die Afrikaner het. Al die informante was dit eens dat hierdie tipe dae belangrik is vir die Afrikaner en dat ons as Afrikaners dit nougeset moet gedenk. Die ironie was egter dat bitter min van die informante enigsins kan onthou of hulle al ooit die viering van so 'n dag (Geloftedag of Republiekdag) bygewoon het. Die enkele informante wat wel kan onthou dat hulle so 'n dag bygewoon het, het erken dat dit laas op skool was en dat hulle binne skoolverband verplig was om te gaan. Slegs drie van dié informante het sedert hulle skooldae enigsins weer moeite gedoen om byvoorbeeld by 'n Geloftedagviering uit te kom.

c) Afrikaneridentiteit

Volgens Du Toit (2007) het die respondentie in sy ondersoek gesukkel om *Afrikanerskap* te omskryf, maar die idee van "christen" en "Afrikaanssprekend" tree sterk na vore uit die verdere bespreking van Afrikaneridentiteit en die oortuiging dat ras nie 'n rol in die definisie van Afrikanerskap moet speel nie. Du Toit (2007) stel dit voorts dat respondentie aangetoon het dat in die vorige bedeling hoef 'n mens nie iets te gedoen het om 'n Afrikaner te wees nie, want die regering het dit vir jou gedoen. Van der Merwe (2007) in sy ondersoek toon aan dat respondentie hulleself eerstens as Suid-Afrikaners en dan as Afrikaners geïdentifiseer. Hulle het ook verkies om na hulleself te verwys as mense van Afrika, of 'n kombinasie daarvan, eerder as om byvoorbeeld na hulleself te verwys as Westerlinge.

Die mening word dan ook uitgespreek dat die Nasionale Party Afrikanerskap genasionaliseer het deur vir mense voor te skryf wat dit moet wees. Respondente was dan ook van mening dat in die *nuwe* Suid-Afrika Afrikanerskap weer geprivatiseer word deur sanggroepe, skrywers, advertensie-agentskappe en deur die Afrikaner wat daagliks gemaklik met Afrikaans is. Dit is nie 'n hunkering na die verlede nie, maar dit veronderstel dat daar wel goeie Afrikaners was tydens apartheid. Respondente het in die algemeen een of ander verwysing en opinie oor apartheid gehad. Vir party het dit bloot gehandel oor aparte ontwikkeling, vir ander was daar elemente van 'n ontkenning van menseregte aanwesig, terwyl sommige dit aan baasskap gekoppel het teenoor 'n vernederende tweedeklas bestaan bloot omdat iemand se velkleur nie wit genoeg was nie (van der Merwe, 2007). Die verslag van Du Toit (2007) wys dan ook die teenswoordige stereotipering van die Afrikaner in die media en openbaar af. Dit verwerp die regeringstrategie om die Afrikaner met 'n skuldgevoel teenoor die verlede te belas. Sodra die Afrikaner aan iets wil deelneem, word die stereotypes altyd teenoor hulle gebruik. "*Apartheid het 'n kunsmatige kultuur vir Afrikaners geskep en dit wat die Afrikaner geërf het, is in 'n warboel. Sommige voel dat hulle nie weet wat reg of verkeerd is ten opsigte van hul Afrikanerskap nie.*" Sommige het genoem dat hulle dit moeilik vind om te kan aanvaar dat hulle ouers vurige ondersteuners van 'n apartheidregering was. Van die respondentie het aangetoon dat hulle as Afrikaners berou het oor apartheid en vermeld dat apartheid "*onchristelik en verkeerd (was) en het dit onuitwisbare skade aan swart mense gedoen, asook aan die vriendskapsverhouding tussen wit en swart.*" Voorts het respondentie aangetoon dat die huidige regering tans met omgekeerde apartheid besig is. Menings is geopper soos: "*Die ANC is besig om die blanke apartheidsekte met 'n transformasiesiekte te genees.*" "*Dit maak nie saak hoe jy na goed soos 'affirmative action' en swart bemagtiging kyk nie, die implikasie bly – dit is blatante apartheid teenoor wit Afrikaners.*"

Du Toit (2007) stel dit dat aspekte wat Afrikaners sterk onderskei van ander kulture is sy Christenskap en die feit dat Afrikaners sterk opinies oor aangeleenthede het. Sy respondenten groep beskryf Afrikaners as *flegmatiese* en *aanpasbare* mense. Wit Afrikaanssprekende jongmense aanvaar die bruinman makliker as 'n mede-Afrikaner. Dit kan afgelei word dat die twee Afrikaanssprekende groepe (wit en bruin) op mekaar begin staatmaak in verskeie situasies waar swartmense beide groepe se identiteit begin bedreig het. Nie een van die twee groepe beskou hulself as rassisties nie en wil met mekaar skakeling hê. Van die respondenten, veral wit studente, het baie bruin vriende, selfs as kamermaats, maar hulle sê steeds dat die bruin kultuur net te veel verskil van die Afrikaner se kultuur.

d) Tussengroep verhoudings en persepsies

Adriaan Basson van die Mail and Guardian (2008) skryf:

How can a seemingly well-educated, smart-looking man in his 20s in the year 2006 still be so racist?

Why did nobody challenge him on his racist uttering? Did they approve or were we all too scared to be the lone sane voice in the room?

It is the year 2008 and Afrikaner "born frees" are today a scared, disillusioned and confused people. Deep down lots of them still carry racial prejudices about the black people they share public spaces with.

It took one homemade video from a group of Free State students to focus the world's attention back on the group of people President Thabo Mbeki once called "colonialists of a special kind" -- and particularly on its youth.

How did it go wrong and who is to blame? More importantly: how do we move forward to a situation where the new Afrikaners internalise Nelson Mandela's words that "to be free is not merely to cast off one's chains, but to live in a way that respects and enhances the freedom of others"?

Jong Afrikaners se siening soos verwoord in die twee verslae is dat hulle nie rassiste is nie, maar erken dat sinnelose geweld deur swartes op blankes en die frustrasie van regstellende aksie soms tot rassistiese gedrag sal lei. Aan die positiewe kant stel hulle dit dat daar baie geleenthede is om saam met swartes in die sakewêreld in te gaan, want 'n entrepreneur benodig 'n swart vennoot om suksesvol te wees in Afrika. Volgens respondenten is daar baie swartes wat weet wat hulle doen (Du Toit, 2007). 'n Manier om van SA 'n beter plek te maak, is om saam met swartes te werk. Respondente noem dat daar swartes is wat baie hard werk by hulle ondernemings en dat hulle baie respek vir sulke swartes het. Die vriendelikheid en hulpvaardigheid van swartes in hulle daaglikse omgang beïndruk hulle baie. Hulle glo ook dat

misdaad beveg kan word deur geleenthede vir swartes te skep en regstellende aksie te bevorder. Hopelik sal die wat werk waardes vestig onder hulle kinders en hulle in goeie skole sit. Dit is nodig om 'n swart middelklas te skep en respondentē glo dit is die beste middel teen misdaad.

Respondente stel dit egter dat swartmense die werksgleenthede van blankes oorgeneem het. Jongmense wil nie saam met swartes wat skenkings van die regering af kry in besigheid gaan nie, want dan moet hulle al die werk doen. Hulle soek swartes waarmee hulle op gelyke voet mee kan saamwerk. Ouer respondentē in die korporatiewe wêreld stel swartes aan en kla dat hul net vir ses maande bly en dat die volgende swart aanstelling dan meer betaal moet word. Dié praktyk bring geen waarde na die maatskappy toe nie en respondentē was van mening dat baie swartes nie bekwaam is vir die posvlakte wat hulle so vinnig bereik nie en dit maak respondentē negatief teenoor swartes.

Weer eens bevestig hierdie dualiteit in responsies die onderliggende teenstrydigheid waarna dikwels in die onderhawige verslag verwys word. Dit sou egter naïef wees om te verwag dat na soveel jare van skeiding tussen rassegroepes en ingewortelde rasvooroordeel jong volwassenes geen blyke sal gee van rasvooroordeel nie. Rushing (2001) beweer dat studies rakende die skoolkrisis, soos tans in die VSA gekonstrueer, wil voorgee dat rassekonflik en paradokses van ongelykhede uitsonderings is, in plaas daarvan om dit te sien as kontradiksies in die stelsel. Die kontradiksies in die verslae is ewe eens tekenend van 'n ontluikende transformasie.

e) Kommunikasie media

In die ondersoek van Van der Merwe (2007) het minder as die helfte van die respondentē gereeld Afrikaanse of ander koerante gelees of gekoop. 'n Groter aantal respondentē het Afrikaanse tydskrifte gelees. Geen eenduidigheid kan verkry word oor die spesifieke aard van berigte wat gelees word nie, maar die voorblad en sport blyk populêr te wees terwyl die ekonomiese bladsye ook gewild is by sommiges. Die groot klagte onder die moderne jong mans is dat die Afrikaanse koerante nie meer in diepte of op so 'n wyse oor politiek berig dat hulle die inligting in hul daagliks sake-omwentelinge kan benut nie (Du Toit, 2007). Engelse koerante verskaf volgens respondentē 'n breër spektrum van inligting en nuus as Afrikaanse koerante en daarom sal die meeste respondentē probeer om 'n Engelse koerant ook te lees as hulle die tyd kry. Die grootste rede waarom respondentē Afrikaanse koerante koop, is omdat dit Afrikaans is en hulle wil hê hulle kinders moet eendag Afrikaanse koerante koop, maar die kwaliteit sal moet

verbeter.

Televisie kykpatrone uit die twee ondersoeke toon dat min jongmense gereeld nuus kyk, maar dat hulle die nuus in Afrikaans bo Engels verkie. Die menings is uitgespreek dat die nuus in Suid-Afrika neig om 'n mens tot depressie te stem. Hulle het aspekte geopper soos "*te veel moord*", "*stygende petrolpryse*", "*"munisipaliteite wat besig is om ten gronde te gaan*" en "*swartes wat voortdurend toi-toi*". Politieke beriggewing word as oppervlakkig beskryf en bied nie insig in werklike beleidsaspekte van politieke partye nie.

Die gewildste Afrikaanse televisieprogram is *7de Laan*. Die enigste ander Afrikaanse televisieprogramme wat van tyd tot tyd deur die informante gekyk word, is *Pasella*, *Egoli* en die natuurleweprogram *50/50* (Van der Merwe, 2007). Die gemiddelde tyd wat die informante weekliks aan televisie afstaan, was nagenoeg 14 tot 21 uur per week. Respondente het aangedui dat hulle die grootste gedeelte van die tyd wat hulle voor die televisie deurbring na Engelse televisieprogramme kyk. Volgens Du Toit (2007) het KYKnet die SABC vervang en alhoewel die programme nie altyd die beste kwaliteit is nie, is dit ten minste in Afrikaans. Respondente is baie beïndruk met kanale soos History Channel, Discovery en National Geographic en hulle praat met mekaar oor die programme wat hulle gesien het.

Radio bly 'n belangrike kommunikasie medium. Streekradiodienste en studenteradiostasies blyk gewild te wees. RSG was nie populêr by die meeste respondentie nie, soos blyk uit die twee verslae. Jong volwassenes huldig sterk menings oor hoe inbelprogramme vrae en mense menswaardig behoort te hanteer. In die verband verkies hulle stasies soos Cape Talk, Radio 5 en SAFM.

Moderne elektroniese kommunikasie middels het aansienlik in gewildheid toegeneem. Studente is voortdurend in kommunikasie met mekaar deur middel van hulle selfone. Boodskappe word heeltyd heen en weer gestuur per SMS of MMS. Hulle sal selfs tydens lesings amusante foto's van mede-studente of dosente aan mekaar stuur. Soortgelyk het die internet en e-pos in gewildheid toegeneem.

Die afleiding wat uit die bogemelde tendens gemaak kan word, is dat jong Afrikaners toenemend minder na Afrikaanse radiostasies en televisieprogramme luister en kyk. Jong Afrikaners se blootstelling aan Afrikaanse vermaakklikheidsprogramme is eintlik kommerwekkend min. Dié tendens blyk simptomaties van die hedendaagse jong Afrikaner te wees, naamlik dat al die elemente wat 'n positiewe bydrae kan lewer om kultuuroordrag te verseker toenemend deur hulle geïgnoreer en/of selfs vermy word. Die meeste respondentēe eis dat die media meer innoverend moet raak en beter kwaliteit moet aanbied.

f) **Leiers en leieridentifikasie**

Volgens Van der Merwe (2007) was respondentēe van mening dat daar tans geen noemenswaardige politieke of kulturele leier(s) binne die Afrikanerdom is nie. Tog het jong Afrikaners die siening gehuldig dat daar 'n behoeftēe is aan 'n sterk pragmatiese Afrikanerleier. In die verband wys Van der Merwe daarop dat jong Afrikaners tans veel eerder sangers, skrywers en akteurs as meningsvormers verkies bo politieke-, godsdiens- en kulturele leiers. Op 'n vraag wie volgens hulle oordeel die grootste meningsvormer onder Afrikaners is, kon die meeste geen naam verskaf nie, terwyl die twee mees algemene name wat wel geopper was, dié van sangers soos Steve Hofmeyr en Bok van Blerk was.

Volgens Du Toit (2007) word leiers en leierskap anders deur die jong volwassenes beskou. Die respondentēe voel sterk daaroor dat hulle self leiers of segspersone sal nomineer en verkies om situasies wat aangespreek moet word, te hanteer. Jong volwassenes beweer dat leiers om 'n spesifieke probleem op te los en wat uit hulle geledere na vore tree, sal ondersteun word. Jong volwassenes hou nie daarvan dat baie organisasies en individue namens hul praat nie, terwyl hul nie die persone verkies het of 'n mandaat gegee het om namens hul te praat nie.

5.3 Organisasie gedrag

a) Gesin en gesinstrukture

Die algemene Opvoedkundige, Sielkundige en Sosiologiese literatuur wys daarop dat die gesin die hoofbron is waar waardes en moraliteit aangekweek word en dat die gesin ook belangrike keuses rakende godsdiens, studies en beroep in die lewe van die adolescent beïnvloed. Hierdie stelling is in die navorsing bevestig.

Jong Afrikanerstudente het aangedui dat hulle baie druk ervaar om hulle ouers tevreden te stel, omdat hulle ouers hulle ondersteun en by hulle sal staan deur dik en dun. Hulle voel egter dat hulle nie altyd kan presteer volgens hulle ouers se verwagtinge nie.

Nogtans word ouers geblameer dat hulle die verkeerde politieke - en godsdienstopleiding aan hulle kinders gegee het (kyk 5.2). Dit het die jeug baie skepties gemaak teenoor politiek en die kerk. Dit het veroorsaak dat die jeug alles bevraagteken. Ouer respondent kom tog agter dat van hulle ouers se waardes wel nastrewenswaardig is en begin om hulle weer daarmee te identifiseer.

Volgens Du Toit (2007) vind die verbrokkeling van die Afrikaner-gesin plaas as gevolg van die ekonomiese situasie. Hy stel dit dat die ekonomiese opbloei geblameer word vir individualisme binne die gesin. Omdat ouers so hard en laat werk, is hulle nie meer by die huis om genoeg riglyne aan hulle kinders te verskaf nie. Hierdie stelling kan nie ongekwalifiseerd aanvaar word nie en moet saam gelees word met die enkele opmerkings wat rakende die *Boomergenerasie* (kyk 4.1) gemaak is. Tradisioneel was die gesin 'n hegte eenheid en is riglyne van reg of verkeerd van een generasie aan die volgende oorgedra. Dit wil nie sê dat die opkomende generasie se waardes 'n spieëlbeeld van die vorige generasie sal wees nie.

b) Sosiale groeperinge

Vriende word naas ouers as die belangrikste invloed beskryf en hulle speel 'n groot rol in die lewens van respondent. Daar is kwessies wat slegs met vriende gedeel word en nie met ouers nie. Vriende word ook as die *roete na jou toekoms* beskryf. Wedersydse respekte word beskryf as 'n belangrike bousteen in vriendskappe. Ouer vriende speel 'n baie belangrike rol, want "...*hulle weet goed van die lewe en werk af wat nie by ouers of vriende van jou eie ouderdom geleer kan word nie*". Jong volwassenes stel dit soms dat dit is moeilik om goeie vriende te kry en as jy hulle vind, klou jy aan hulle vas.

'n Onderskeid word ook gemaak tussen intieme vriende en kennisse saam met wie net gekuier word. Vir baie het vriendskappe oppervlakkig geraak. Die mening bestaan dat eerlikheid onder vriende weg is. Materialisme en die druk om suksesvol te wees, maak dat jong volwasse Afrikaners hulle probleme vir hulself hou, want niemand moet daarvan weet nie en vriende moet nie uitvind dat hulle ook probleme het nie. Ten spyte van 'n groot groep kennisse en geld voel die jong Afrikaner hy eensaam is en voer hulle eensaamheid aan as rede waarom hulle drank

misbreuk. Die hoë selfmoordsyfer onder studente word deur respondenten toegeskryf aan die vereensaming onder jong blanke Afrikaners. Vereensaming en 'n intense honger na medemenslikheid ('n soek om iemand wat opreg omgee (vgl Mueller, 1994; Pretorius, 1988)) as tendens onder jong volwassenes is goed gedokumenteer in literatuur en die bevinding in die verslag van Du Toit (2007) is 'n bevestiging van die verskynsel.

c) Kultuurorganisasies

Jong volwassenes se betrokkenheid by kultuurorganisasies internasionaal is direk afhanklik van die sosiaal-maatskaplike konteks van die land of streek waarin hulle hulle bevind. Dit is egter nie ongewoon dat lande dikwels 'n gebrek by jong volwassenes om deel te neem aan vrywillige kultuurorganisasies, rapporteer nie. So byvoorbeeld, stel die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns in sy verslag "*Op pad na 'n taalstrategie vir Afrikaans*" dan ook die negatiewe houding van die jeug as bedreiging vir die behoud en bevordering van Afrikaans. Beide Van der Merwe (2007) en Du Toit (2007) toon aan dat min jong mans in die ondersoekgroepe aan Afrikaner organisasies behoort het en dat respondenten se kennis van kultuurorganisasies beperk is.

Du Toit (2007) vermeld dat enkele jong mans in sy ondersoekgroep wel aan 'n kultuurorganisasie behoort het en dan was dit hoofsaaklik mans bo 30. Die hoofoorwegings daarvoor was eerstens netwerkgeleenthede vir hul besighede, "...want hul ontmoet baie ander sakemanne daar", tweedens deelname aan welsynsprojekte om die gemeenskap te help ophef en derdens selfaktualisasie. Binne die organisasie kan hulle presteer deur 'n posisie te bereik. Dit help hulle ook om goed te voel, indien hul byvoorbeeld verantwoordelik was vir 'n welsynsprojek wat geslaag het om 'n welsynsdaad te verrig (bv. 'n dak vir 'n swart skool op te sit). Dit is insiggewend om daarop te let dat Van der Merwe (2007) aandui dat ongeveer 'n derde van sy respondenten se ouers vroeër wel aan 'n Afrikaanse kultuurorganisasie behoort het, en dat baie min van die respondenten se ouers tans nog lid van 'n Afrikaanse kultuurorganisasie is. Die rol wat ouers deur hul voorbeeld stel, behoort nie geringgeskat te word nie.

Die meerderheid respondenten in beide die ondersoekgroepe staan negatief teenoor kultuurorganisasies en wil nie aan organisasies behoort nie. Hulle blameer hulle lang en ongerekende werksure daarvoor. Anders as voormalde bevinding van Du Toit (2007) beweer die respondenten in Van der Merwe (2007) se ondersoek dat hulle wel aan 'n organisasie sou wou behoort en die tyd daarvoor sou skep as hulle met die organisasie kan identifiseer (later meer hieroor). Volgens Du Toit sien jong volwassenes dit as hulle verantwoordelikheid om ekonomies

aktief te wees en sodra hulle gesin versorg is, kan na die res van die samelewing gekyk word. Van die respondentē het genoem dat die samelewing slegs gehelp kan word, indien "...jy 'n eerste klas burger is, want slegs dan sal hulle jou ondersteun". Van die respondentē was ook van mening dat organisasies die heeltyd vergaderings hou wat op niks uitloop nie. Die grootste beswaar teen organisasies is dat hul hulself nie bemark nie en te eksklusief is. Du Toit (2007) wys ook in sy verslag daarop dat jong Afrikaners verward is as dit kom by tradisionele organisasies. Hulle is agterdogtig teenoor hierdie organisasies weens historiese redes. Tans soek die Afrikaner 'n plek om in te pas, 'n organisasie waarbinne hy homself kan laat geld, waar hy niemand sal pla nie en niemand hom sal pla nie.

Du Toit (2007) wys daarop dat, veral in Johannesburg, daar wel 'n tendens is van die vorming van informele organisasies (of eerder klubs), waar mans saam met hulle gesinne aan aktiwiteite deelneem. Byvoorbeeld, een persoon sal kaartjies vir die opera vir almal reël, dan sal die volgende een 'n viertreknewek reël, die volgende een sal weer 'n wildsfees by sy huis reël. So word ou en nuwe vriende betrek. Besigheid word ook hier onder mekaar uitgedeel. Ook op universiteit word soortgelyke informele groepe gevorm wat bepaalde aktiwiteite saam bedryf. 'n Kwelpunt vir Afrikaner studente op kampusse is wel dat hul nie meer hul eie kulturele aktiwiteite kan hou nie, weens die integrasie van die koshuise. As hul iets wil aanbied, boikot die swart studente dit, of hulle voel dit is net weer 'n "wit ding". Die HK's in hierdie koshuise voel dat hul nie altyd meer hul koshuise kan mobiliseer nie.

Die meeste Afrikaans-georiënteerde kulturorganisasies is grootliks onbekend aan die respondentē in die twee studies. As respondentē nie self aan 'n organisasie behoort of iemand ken wat aan 'n organisasie behoort nie, weet hul gewoonlik niks van die organisasie af nie. Die Voortrekkers is die bekendste organisasie omdat daar feitlik in elkeen se laerskool 'n tak van die Voortrekkers was. Van die respondentē het dan ook nostalgiese herinneringe aan die Voortrekkers gehad. Behalwe vir die Voortrekkers is die ATKV ook bekend en is dié se beeld positief onder die meeste respondentē. Die ATKV word gesien as 'n organisasie onder Afrikaners wat wit Afrikaanse Christelike waardes verteenwoordig, nog die moeite doen om dit te bevorder en wat vry van politiek is. Volgens respondentē skep die ATKV terreine en geleenthede waar Afrikaners veilig tussen hul eie tipe mense kan verkeer. Jonger respondentē deel egter nie die positiewe siening nie en beskryf die ATKV as "... 'n klomp ou mense wat om 'n kampvuur sit en liedjies sing." Daar was ook verdeeldheid oor die ATKV se betrokkenheid by die Afrikaanse "Idols".

Tradisioneel het jong mans by groepe of organisasies aangesluit op grond van die aard van die groep, die nastrewenswaardige doelstellings van die groep, die grootte van die groep, die aanvaarbaarheid van die lede binne die groep, asook die behoeftes wat deur die groep bevredig is. Hierdie oorweegredes blyk tans minder gewig te dra. Jong Afrikaners het duidelik laat blyk dat hulle glo dat daar tog 'n bestaansreg vir Afrikaanse kultuurorganisasies is, maar dat hulle geen intensie of behoefte het om aan enige sodanige kultuurorganisasie te behoort nie. Dit wil verder ook voorkom asof jong Afrikaners 'n apatie openbaar teenoor organisasies of instansies wat hulself vir die hoër kulturele sake van die Afrikaner beywer. Selfs nie eers die euforie van die De la Rey-lied het hulle aangespoor om lidmaatskap van enige van hierdie reeds bestaande Afrikaanse kultuurorganisasie op te neem nie (Van der Merwe, 2007).

d) Samevatting: Organisasie gedrag by jong volwasse Afrikaners

Alhoewel beide verslae duidelik aantoon dat jong Afrikaners grootliks onbetrokke is by kultuurorganisasies en dat hulle kennis van sodanige organisasies beperk is, was daar tog 'n duidelike behoefte uitgespreek vir 'n Afrikaner georiënteerde kultuurorganisasie wat bepaalde belang namens die Afrikaner sou kon hanteer. Volgens die respondent sou hulle inderdaad lidmaatskap aan 'n nuwe Afrikaanse jeugkultuurorganisasie oorweeg, mits hierdie kultuurorganisasie aan die volgende elemente voldoen:

- Dit moet 'n sosiale bewussyn ("vibe") hê.
- Dit moet op 'n nie-rasse grondslag gefundeerd wees.
- Dit moet 'n openbare entiteit wees met geen geheimhouding nie, waar lidmaatskap oop is vir almal wat daarby wil aansluit solank hul net die Afrikaners se waardes deel.
- Dit moet aktief wees en beslis 'n diens lever aan alle Suid-Afrikaners. Dit moet armoede beveg, eerstens onder die Afrikaner, want die Afrikaner moet leer om na homself om te sien. Terselfdertyd moet dit egter ook help met armoede verligting onder swartmense.
- Dit moet flegmaties wees en begrip hê vir en verdraagsaamheid openbaar ten opsigte van 'n verskeidenheid van uiteenlopende opinies.
- Dit moet vryheid van spraak en denke tolereer.
- Dit moet oor 'n volledige spyskaart van uiteenlopende aktiwiteite beskik (vanaf natuurlike tot rekenaarspeletjies).
- Dit moet moderne kommunikasiemiddelle optimaal gebruik vir skakeling en kommunikasie.
- Dit moenie anti-iets wees nie (byvoorbeeld anti-gay of anti-swart of anti-liberaal,

ensovoorts).

- Dit moenie die idee laat dat dit 'n organisasie is wat oor alles wroeg nie.
- Dié kultuurorganisasie moenie voorskriftelik wees ten opsigte van watter aktiwiteite 'n lid aan moet deelneem en watter nie.
- Die organisasie moet voorsiening maak vir jong dinamiese leierskap wat die jongmense se taal praat.

Die entiteit moet ook die verantwoordelikheid neem om die Afrikaner se beeld nasional en internasional te verbeter. Dit moet veral die Afrikaner se beeld onder Afrikaners verbeter. Veldtogte moet geloods word oor Afrikaners wat groot prestasies behaal het. Ook moet die Afrikaner se geskiedenis en prestasies (ook aan swartmense) bekend gestel word. Respondente het ook die wens uitgespreek om in kontak te kom met veral swart Suid-Afrikaners in informele nedersettings. Respondente soek 'n entiteit om hierdie ontmoetings te bewerkstellig en te fasiliteer. Respondente is van mening dat hul toekoms in die land slegs verseker sal wees as hul meer met swartmense kan saamwerk. Verder moet die entiteit ook help om Afrikaners kultuursensitief te maak teenoor swartes se kulturele gewoontes sodat daar minder misverstande kan ontstaan. Die entiteit moet ook ander kulture van die Afrikaners se gewoontes inlig.

Uit Du Toit se verslag blyk dit dat van sy respondente nie seker was of dit 'n organisasie moet wees nie. Die moontlikheid is geopper dat dit eerder 'n dinksrum moet wees waar hul insette kan lewer of waar idees uitgeruil kan word nie. Die entiteit moet dien as 'n netwerkorganisasie waar jong Afrikaner-entrepreneurs kan ontmoet om besigheid te gesels en idees uit te ruil. Daar bestaan 'n groot behoefte onder die jong Afrikaners dat hul na iemand kan draai om hul van advies te bedien in hul ondernemings. Hulle is ook van oordeel dat entrepreneurskap maar een van vele onderwerpe is waaroer jong Afrikaners graag sal wil gesels. Respondente wil ook graag hul kennis en ervaring met die regering deel om sekere plaaslike, sowel as nasionale vraagstukke, te kan help oplos.

5.4 Sosio-politiese en maatskaplike oriëntering

a) Politiese oriëntering

In die kontekstualisering van die studie (Par. 4) is reeds gewag gemaak van die feit dat jong volwassenes dikwels apaties staan teenoor politieke aangeleenthede. Volgens Van der Merwe (2007) blyk dit dat die grootste trauma wat die Afrikaner in die postapartheid Suid-Afrika ervaar,

juis op die politieke terrein is. Die Afrikaner voel polities ontredderd en ontman. Vroeër het Afrikaners alle denkbare politieke mag gehad, nou het hulle basies niks nie. Die Afrikaner word verder in die post-apartheid Suid-Afrika voortdurend met nuwe politieke realiteit gekonfronteer, soos byvoorbeeld regstellende aksie en pleknaamsverandering en dit is juis hierdie onaangename realiteit wat Afrikaners toenemend soos tweedeklasburgers laat voel.

Van der Merwe (2007) toon dan ook aan dat ongeveer een derde van sy respondentie nie as kieser geregistreer is nie en dat nagenoeg die helfte van die respondentie wat wel as kiesers geregistreer is nie in die algemene verkiesing van 2004 gestem het nie. Du Toit (2007) het 'n soortgelyke tendens gerapporteer. Hy beweer dat, onder diegene wat nie stem nie en die wat moeilik stem, daar 'n duidelike onkunde en apatie rakende politieke aangeleenthede opmerkbaar is. Du Toit beweer dan ook dat min van sy respondentie aangetoon het dat hulle aan die laaste verkiesing deelgeneem het en skryf dit toe aan 'n gevoel van magsverlies en die mening dat hulle stem geen verskil aan die uitslag sou kon maak nie. Voorts meen respondentie ook dat daar 'n gebrek aan leiers is met wie geïdentifiseer kan word.

Respondente het ook die mening uitgespreek dat hulle nie weet waar om van politiek te leer nie en kla dat die media nie 'n geloofbare medium is nie. Hulle beweer dat die media net in sensasie belang stel en net oor die land se omstandighede rapporteer sonder om ook aan te dui wat politieke partye beplan. Politieke inligting is baie beperk en hulle sal net soms oor die nuus op TV of Radio hoor van politieke leiers se uitsprake. Die gevoel onder respondentie is dat politici in elk geval net maak wat hulle wil en niks omtrent dienslewering doen of probeer om na die wil van Suid-Afrikaners te luister nie.

Volgens Du Toit (2007) het respondentie die mening gehuldig dat daar oënskynlik geen party is wat na die Afrikaner se belang omsien nie. Die respondentie meen dat die ANC daar is om na die swartes om te sien, terwyl die Engelse in die DA die Afrikaner se stem misbruik om Engelse besigheidsbelange te bevorder. Alhoewel die VF vir Afrikaners is, wil die Afrikaner respondentie nie met hulle vereenselwig word nie. Van die respondentie meen dat die DA, NNP en VF vir dieselfde ding staan maar dat nie een sê wat hul eintlik soek nie. Die gevoel onder die respondentie is dat bogenoemde partye eintlik die belang van ouer kiesers dien. Die respondentie sien meestal nie vir hulle 'n toekoms in die partye nie. Daar moet egter weer eens daarop gewys word dat die respondentie se kennis van opposisiepartye se persoonlikhede en beleide beperk is.

Respondente wat wel aan die laaste verkiesing deelgeneem het en meedoen aan politiek sien die situasie nie as hopeloos nie. Die algemene gevoel onder respondenten wat stem is dat 'n mens nie jou politieke opinie kan lig as jy nie deelneem nie. Respondente glo ook dit kan positiewe gevolge oor die langtermyn hê as mens stem, want die politieke klimaat kan verander en dan kan die party waarvoor hulle gestem het, 'n kritiese belangrike posisie inneem. Sommige respondenten het aangedui dat hulle glo daar moet gestem word aangesien dit die demokraties korrekte ding is om te doen. Demokrasie is 'n instrument om gematig te bly en dit motiveer jou om in sekere waardes te glo. Sekere respondenten was ook van mening dat die regering meer van referendum gebruik moet maak om Suid-Afrikaners se menings in te win.

Sekere van die menings wat uitgespreek is toon aan dat jong volwassenes inderdaad 'n politieke mening en bewusheid het. Hulle het byvoorbeeld 'n sterk behoefte uitgespreek dat Afrikaners, veral polities, moet begin saamstaan. Verder was hulle dit ook eens dat die ANC se geweldige meerderheid en die feit dat die Afrikaners oor 'n onvermoë beskik om te kan saamstaan, dié primêre oorsaak is hoekom Afrikaners toenemend polities apaties begin raak. Van die respondenten het aangedui dat Afrikaners weer in die breë gemeenskap betrokke moet raak en daardeur die ANC beïnvloed om dinge te doen vir die plaaslike omgewing. Die mening is ook uitgespreek dat wit politici geskool moet raak in die politieke wyses van die swart kultuur, want van die respondenten kry die gevoel dat 'n mens nie in die swart kultuur 'n leier in die openbaar mag kritiseer nie. Sekere respondenten het ook sterk standpunt ingeneem teen partye wat pro-aborsie en pro-Gay is.

Van die respondenten in Du Toit se ondersoek het aangetoon dat hulle wel vir die ANC regering stem, terwyl respondenten in Van der Merwe se ondersoek van oordeel was dat die ANC nie 'n te slechte regering is nie. Hierdie respondenten kon byvoorbeeld meer as een positiewe aspek noem wat die ANC-regering reg doen, terwyl hulle in dieselfde asem ook baie krities teenoor die ANC-regering was. Regstellende aksie was by verre die gereeldste punt van kritiek teenoor die ANC-regering. Ander gereelde onderwerpe was die geweldige toename in misdaad; die verval van infrastruktuur en dienslewering; grondhervorming; die kwotastelsel in sport; en die naamsverandering van dorpe en stede (vgl. (b) – (g) hieronder). Die oorgrote meerderheid van die respondenten het genoem dat, ondanks hulle negatiewe kritiek teenoor die ANC-regering, hulle vir hulself 'n toekoms in Suid-Afrika sien en dat hulle geensins van voorneme is of 'n behoefte het om te emigreer nie (kyk 6).

Ten slotte is enkele kursoriële aantekeninge rakende Solidariteit aangewese. Volgens Du Toit

(2007) is bewustheid ten opsigte van Solidariteit goed in Gauteng gevestig en word Solidariteit beskou as iets vars en respondent glo dat dit hoogtyd is dat daar 'n Afrikaanse sosialistiese organisasie is. Dit word beskou as 'n organisasie wat nie bagasie saamdra nie en dat hulle eerder doelwitte het as politieke oogmerke.

b) Misdaad/Geweld

Volgens opnames wat gereeld in Suid-Afrika onderneem word, figureer kommer oor geweld en misdaad hoog op die sosiaal-maatskaplike agenda. Dit is dan ook 'n tema wat sterk na vore tree in beide verslae en respondent was dit eens dat misdaad sedert 1994 drasties toegeneem het. Volgens Du Toit (2007) is respondent keelvol vir misdaad en is hulle van mening dat dit Suid-Afrika se grootste probleem is. Respondente in Van der Merwe se studie was van mening dat die ANC-regering tans 'n onvermoë het om die misdaadkwestie sinvol aan te pak. Vriende van respondent wat geëmigreer het, het aangedui dat misdaad die primêre oorweegreden was. Van die respondent het aangetoon dat dit verkeerd is dat alle Suid-Afrikaners in vrees leef en hulle wonder hoe mense in informele nedersettings dit oorleef as hulle nie sekuriteit kan bekostig nie.

Volgens respondent breek misdaad interkulturele verhoudings af, want mense vertrou ander rasne en nie meer nie. Die respondent is dit tog ook eens dat misdaad nie 'n kleur het nie en volgens hulle is Afrikaners in 'n post-apartheid Suid-Afrika net so geneig tot misdaad as byvoorbeeld swartmense. Volgens Van der Merwe was die oorgrote meerderheid van die respondent van mening dat plaasmoorde inderdaad ras- en politiesgedrewe is. Du Toit se respondent stel dit dan ook dat misdadigers te veel beskerm word deur Suid-Afrika se menseregte-grondwet, wat meer voorkeur gee aan mense wat misdaad pleeg as aan goeie landsburgers. Respondente meen die doodstraf moet teruggebring word as straf.

Respondente voel dat misdaad hulle nie sommer gaan onder kry nie, maar dat iets drasties moet gebeur om misdaad stop te sit. Misdaad verhoed hulle ook om as entrepreneurs hulle werk te kan verrig, want hulle kan nie altyd net voortgaan met hulle lewens nie. Indien misdaad nie effektief bekamp gaan word nie, sou respondent emigrasie oorweeg.

c) Werksgeleenthede

Die regering se beleid van regstellende aksie het sterk gefigureer in beide verslae. So dui Van der Merwe (2007) aan dat sy respondent van mening was dat regstellende aksie Afrikaners as

groep benadeel. Almal het 'n negatiewe verwysing ten opsigte van regstellende aksie gehad. Nogtans kon die meerderheid van sy respondentie nie aandui dat hulle self al ooit daardeer benadeel was nie, behalwe in gevalle waar hulle swart vennote moes kry om 'n kontrak te beding. In die verband merk een respondent op: "*Die feit is dat al die indikasies daar is dat regstellende aksie blykbaar hier is om vir ewig te bly, en dit is vir my as Afrikaner voor die hand liggend dat regstellende aksie my op 'n stadium gaan benadeel. Al is dit nie vir my as individu nie, gaan dit ongetwyfeld my kinders eendag benadeel en verontreg.*" Nog 'n respondent sê: "*Teen die tempo wat die regering regstellende aksie in verskillende vorme op ons afdwing gaan dit nie honderd jaar wees voor dit my gaan raak nie.*"

Van die respondentie was van mening dat regstellende aksie omgekeerde diskriminasie is. Alhoewel respondentie in die algemeen begrip gehad het vir en ten gunste was van die beginsel van gelyke geleenthede, was hulle sterk gekant teen enige vorm van diskriminasie, ongeag die edele motiewe daarvoor.

Jong Afrikaner respondentie wat nog op universiteit was, het aangedui dat wanneer hulle universiteit toe gaan hulle nie regtig weet wat hulle eendag wil doen nie. Belangstelling in 'n vak, soos bv. Wiskunde of Rekeningkunde, motiveer hulle om 'n sekere rigting in te slaan. Regstellende aksie, asook skaarsheid van werk, ouers, iemand in die familie wat in 'n soortgelyke rigting is en vriende oefen ewe eens 'n groot invloed uit op hul keuses. Rigtigs waarin werk meer volop is (soos ingenieurswese), werk waarin swartes nie so goed is nie, of waarby daar min swartes betrokke is, beïnvloed ook studie- en werkskeuses. Respondente voel dat sodanige keuses sal verseker dat daar dan altyd werk sal wees, want iemand moet dit doen. Dit beteken dat respondentie in hulle beroepe nie noodwendig die hoogste sport (soos om die hoof uitvoerende beampie van 'n maatskappy te word) mag bereik nie, aangesien 'n swart persoon aangestel moet word. Tog meen hulle daar sal altyd plek vir hulle wees. Respondente wie se ouers familiebesighede het, is ook positief want hulle gaan net by die familiesaak inval.

Respondente bo 30 voel dat hulle eers teen ongeveer 28-jarige ouderdom geweet het wat hulle in die lewe wil doen. Respondente wat entrepreneurs is doen dikwels iets anders as waarvoor hulle op universiteit studeer het. Hulle identifiseer gapings in die mark en benut daardie geleenthede. Vir die respondentie bo 30 is dit 'n moeilike situasie, want hulle kry nie altyd die regte swart vennote nie en dan verloor hulle kontrakte. Andersins stel hulle vennote aan wat op die ou end nie die werk kan doen nie en dan ly die maatskappy ook skade.

d) Armoede

Die wyse waarop die steekproewe vir beide ondersoeke getrek is, het verseker dat arm blankes nie as respondentie by die ondersoek betrek is nie. Respondente het dan ook nie in hulle response gewag gemaak van enige kommer oor blanke Afrikaners nie, maar in beide ondersoeke het 'n besorgdheid oor armoede onder swartes as tema na vore getree en was daar 'n sosiale bewustheid dat die probleem aangespreek moet word om misdaad te help oplos.

e) Sport

Die ondersoekgroepe het respondentie ingesluit wat al op provinsialevlak in verskeie sportsoorte meegeding het en toe opgehou het om hulle sport te beoefen. Volgens Du Toit (2007) het respondentie aangedui dat hulle opgehou het om aan die sportsoorte deel te neem omdat 'spelers van 'n ander kleur in hulle posisies ingedruk is' en hulle was gegrief oor hierdie verloop van gebeure. Van hulle het ook aangedui dat hulle kontrakte oorsee aangebied is om hulle loopbane daar te gaan voortsit. Van die respondentie moes al op skoolvlak hulle plekke in provinsiale spanne aan anderskleuriges afstaan. Dit maak hulle kwaad, want hulle glo dat jong Afrikaners se kanse op dié manier van hulle af weggevat word. Die probleme van Suid-Afrikaanse Rugby word nie net aan die kwotakwessie toegeskryf nie, maar ook geplaas voor die deur van '*inkompetente ou wit mans*' wat in bestuursposisies is.

f) Verbruikersingesteldheid

Gebaseer op die vroeëre bespreking van die X-generasie is dit te wagte dat jong Afrikaners bepaalde voorkeure ten aansien van handelsmerke mag openbaar. Die stelling wat deur Du Toit (2007) gemaak word dat "handelsmerke iets vir skoolkinders is" en dat respondentie nie 'n "ander persoon se handelsmerk" wil adverteer nie, val dus vreemd op. Respondente het juis aangetoon dat by die aankoop van 'n item dit gaan oor die werklike kwaliteit van 'n produk. Laasgenoemde bevestig juis 'n bewustheid van handelsmerke. Van der Merwe (2007) stel dit dan ook dat een van die opvallendste aspekte wat tydens die navorsing waargeneem is, hulle gevinstige verbruikerskultuur en hulle epikuriese lewens- en wêrldbeskouing is. Die klere wat byvoorbeeld deur veral stedelike respondentie gedra is, getuig van beïnvloeding deur handelsmerkbewustheid en modebewustheid, asook die voertuie van die plattelandse informante. Van der Merwe verwys dan ook na Foucault (1980:214) se stelling dat 'n verbruikerskultuur 'n noodwendige gevolg van 'n postmoderne samelewing is. Respondente het

deurgaans postmodernistiese gedrag geopenbaar en was individualisties, materialisties en vrydenkend, of het 'n kritiese ingesteldheid teenoor die samelewing geopenbaar.

g) HIV/VIGS

Van der Merwe (2007) toon aan dat die meeste van sy respondenten van oordeel was dat HIV/VIGS nie noodwendig meer of minder by 'n bepaalde rassegroep in Suid-Afrika voorkom nie. Respondente was ook van mening dat Afrikaners geneig is om te dink dat swartes meer of makliker HIV/VIGS kry as blankes, maar dat daar vergeet word dat die swartes baie meer is as blankes. Van die respondenten wat van mening was dat swartmense makliker VIGS opdoen het gesê: "*Swartes het geen inhibisies nie. Hulle sal makliker seks beoefen as ons Afrikaners.*" En: "*Swartes is die armste gedeelte van die Suid-Afrikaanse samelewing en armoede dryf veral swartvroue tot prostitutie en ons weet dat prostitute se risiko om vigs te kry soveel groter is. Daarom is swartes meer geneig om slagoffers van vigs te word.*"

h) Grondhervorming

Grondhervorming bly 'n netelige kwessie in Suid-Afrika en respondenten het dan ook sterk menings in dié verband gehad. 'n Groot aantal van die respondenten was totaal teen grondhervorming gekant omdat hulle nie die ANC-regering se rede en werkswyse rakende grondhervorming begryp nie. Hulle kan nie verstaan hoekom swart mense nou plase "verniet" moet kry terwyl hulle (as Afrikaners) nooit dieselfde voorreg gehad het nie. Alhoewel respondenten in die reël positief was oor landbou in Suid-Afrika, geglo het dat landbou sal regkom en ook dat die regering uiteindelik tog die probleme verstandig sal aanpak en oplos, het hulle tog die vrees uitgespreek dat grond afgeneem sal word, hetsy deur statutêre optrede of plaasbesettings in die styl van Zimbabwe. Daarom hoop hulle dat die regering afsnydatums sal aandui vir hierdie proses van grondhervorming. Die respondenten hoop verder dat die regering grond met groter diskresie aan die swartes sal oordra. Die respondenten het hul gewilligheid uitgespreek om die regering selfs by te staan in die proses van grondoordrag, by wyse van ondersteuning aan die nuwe boere. Die opinie is ook uitgespreek dat die proses so spoedig moontlik afgehandel moet word. "*Hoe kan jy van 'n Afrikanerboer verwag om positief te wees as daar eindeloos gesloer word met grondeise.*" En: "*Ek verstaan hoekom die regering grondhervorming implementeer. Tans behoort meer as tagtig persent van alle landbougrond in Suid-Afrika aan blanke boere en dit is verkeerd. Ons blanke boere is egter produktief terwyl feitlik al die swart opkomende boere 'n mislukking is. ... Die regering is besig om ekonomies*

lewensvatbare plase op te snippet tot oneconomiese eenhede en dan verwag die ANC dat 'n swart boer sonder die nodige kapasiteit op hierdie plase 'n sukses moet maak."

Beide verslae dui aan dat die oorgrote meerderheid respondentes 'n renons het aan die wyse waarop die ANC-regering grondhervorming hanteer. Dit blyk dat die ANC-regering se onvermoë om effektiewe dienslewering daar te stel die primêre rede is hoekom Afrikaners 'n negatiewe persepsie oor grondhervorming het. Dit is dan ook juis hierdie onvermoë wat vrees by Afrikaners aanwakker, veral wanneer dit by 'n sensitiewe saak soos grondhervorming kom. Die respondentes kla dan ook oor die strukturele verval wat in landelike gebiede plaasvind, omdat die regering nie meer die paaie skraap of subsidies vir grensdrade voorsien nie. Die ontvolking van plase word toegeskryf aan internasionale markkragte, asook droogtes. Respondente verwag dat die regering weer die boere moet ondersteun deur subsidies beskikbaar te stel. Potensiële jong boere wil nie sommer gaan boer nie, want daar is nie meer veel te doen in die landelike gebiede nie.

i) WVK

Tydens die WVK sitting in 1997 het een van die woordvoerders gesê: "*I think the Afrikaner youth is feeling at the moment very confused and fragmented and to some degree very isolated from the rest of the youth in this country and I do not think they know exactly how to deal with the current situation and how to make it better.*" In die bespreking van die politieke oriëntering van jong Afrikaners is aangetoon dat respondentes polities ontredderd voel. Van der Merwe (2007) stel dit dat die gevolg van hierdie polities ontredderde gevoel is dat Afrikaners stadig maar seker besig is om 'n versadigingspunt te bereik vir die ANC-regering se aksies van transformasie en nasiebou. Dit veroorsaak verder ook apatie en politieke mismoedigheid selfs onder jong Afrikaners wat in hulle wese eintlik positief ingesteld is ten opsigte van die nuwe Suid-Afrika. Waar die WVK se oogmerk was om versoening tussen mense van verskillende oriëntasies te bewerkstellig blyk dit uit die ondersoek van Van der Merwe nie die geval te gewees het nie.

Feitlik al die respondentes in sy ondersoek was van mening dat die hele WVK-proses 'n mislukking was en dat dit een van die ANC-regering se vele geldverkwistingsoefeninge was. Sy respondentes het gevoel dat hierdie "sirkus" nou finaal end kan kry omdat hulle geen rol en doel meer vir die WVK sien nie. Al die hartroerende tonele wat by WVK-verhore plaasgevind het, het geen noemenswaardige indruk op die respondentes gemaak nie en verder glo hulle dat die

slagoffers van apartheid wat by die WVK kom getuig het se situasies nog steeds ellendig en benard is. Die regering het volgens hulle niks gedoen om hierdie mense werklik te help nie.

Voorts was respondenten van mening dat die WVK 'n persepsie by die internasionale gemeenskap probeer skep het dat die Afrikaner boos is terwyl die ANC as gevolg van ondraaglike omstandighede weens apartheid slegs in die mees ekstreme gevalle gedwing was om een of ander onregmatige daad te pleeg. Die ANC was dus bloot 'n slagoffer van omstandighede terwyl "*die Afrikaner se hande drup van bloed*".

Daar kan aan die hand van bogemelde response afgelei word dat sekere Afrikaners die bona fides van die WVK betwyfel het omrede hulle dit as subjektief en bevooroordelend ervaar het. Dit blyk dat hierdie Afrikaners moeg is daarvoor om vir al die probleme van die verlede geblameer te word en dat hulle weier om enigsins verder die blaam van die Suid-Afrikaanse samelewing te dra.

6 UITWAARTSE ORIËNTERING

Beide verslae toon aan dat jong Afrikaners, ten spyte van regstellende aksie, swartbemagtiging, geweld en misdaad, glo dat hulle hier is om te bly. Oor die algemeen het respondenten aangedui dat hulle oortuig is dat die land steeds geleenthede vir hulle bied. So byvoorbeeld stel een van die respondenten dit dat: "*Ons Afrikaners mag dalk nie meer so goed leef as waaraan ons in die apartheidsera gewoond was nie, maar ons lewenstandaard is selfs in 'n post-apartheid Suid-Afrika ver beter as die van mense elders in die wêreld.*" Hierdie optimistiese ingesteldheid stem ooreen met die bevindinge van Kamper (2006).

'n Verdere aanduiding dat jong Afrikaners vasbelote is om in Suid-Afrika te bly, tree uit Du Toit (2007) se studie na vore waarin aangetoon is dat sekere van die respondenten ondernemings van hulle eienaars oorgekoop het, nadat dié geëmigreer het. Ander het in spesifieke rigtings studeer om hul ouers in hulle besighede te help, of om dit oor te neem. Ander het studierigtings gevolg in bemarking of uitvoerekonomie om hul ouers se plaasprodukte beter te bemark en internasionaal te versprei. Uit die ondersoeke is dit duidelik dat daar 'n groter bewusheid onder jong Afrikaners is van die belangrikheid om entrepreneurs te word. Dit blyk voorts dat jong Afrikaners ook saamstaan om mekaar te help om kontrakte te beding. Ter illustrasie meld Du Toit (2007): "*In so 'n groep sal daar verskeie beroepe en ambagte voorkom - 'n argitek sal byvoorbeeld 'n kontrak kry, die huis sal dan gebou word deur 'n bou-ontwikkelaar in die groep,*

die elektrisiën en loodgieter sal ook in die groep voor kom en hulle sal weer hardware by 'n ander groepslid koop."

Respondente in Van der Merwe (2007) se ondersoek het wel aangedui dat faktore soos "*n goeie werksaanbod*", "*as ek nie meer werk in Suid-Afrika kan kry nie*" en "*as dit vir my kinders 'n beter toekoms sal beteken,*" sal hulle emigrasie oorweeg. Terselfdertyd stel respondenten in sy ondersoek wat reeds vir 'n tydperk van langer as 'n jaar oorsee gewerk het en aangetoon het dat hulle dit geniet het, dit dat hulle geen behoefté het om op 'n permanente grondslag te emigreer nie. Lande wat deur respondenten as 'n keuse vir moontlike emigrasie geïdentifiseer is, was lande waar die amptelike landstaal Engels is. Dit was duidelik dat die verstaanbaarheid van taal (Engels) vir die informant 'n belangrike faktor in die identifisering van hulle keuse was.

Alhoewel daar dus 'n sterk positiewe gesindheid uit die ondersoek na vore tree, moet die realiteit van die land (soos vroeër bespreek) in terme van hulle invloed op jong Afrikaners nie onderskat word nie. Respondente in Du Toit (2007) se ondersoek spreek dan ook die versugting uit dat daar nie 'n donker toekoms vir hulle geskep moet word nie, maar eerder iets om voor te lewe. Hulle wil graag weet dat hulle 'n toekoms in hierdie land het en waarheen Suid-Afrika oppad is. Hulle wil hê dat die regering moet ophou om swak te beplan en te bestuur en dat die regering eerder die ekonomie geleidelik omvorm. Hulle wil weet wanneer die regering 'n einde sal maak aan regstellende aksie sodat hulle hulle lewens kan beplan, en sodat hulle hulle eie besighede sonder bekommernisse kan begin. Respondente wil ook hê dat swartmense gehelp moet word met opleiding en dat jong Afrikaner-mans geleenthede moet soek om hulle vaardighede oor te dra.

7 TENDENSE

Uit die twee verslae tree 'n aantal breë tendense na vore rakende die profiel van jong Afrikaners. By die interpretering van die tendense wat uit die twee ondersoek na vore getree het, moet daar in gedagte gehou word dat ons hier met 'n bepaalde segment van jong volwasse Afrikaners te make het en dat die tendense nie tot alle jong volwasse Afrikaners veralgemeen kan word nie. Die segment wat ondersoek is kan ten beste beskryf word as jong volwasse Afrikaners wat besig is met universitaire studies of wat universiteitsopleiding deurloop het. Tweedens is die onderhawige verslag gesuiwer en is die menings van bruin of anderstaliges uit die verslag gesuiwer. Ons werk dus nie hier met 'n "tipiese" beeld nie, maar met 'n geselekteerde beeld wat moontlik met die van ander segmente van jong Afrikaners of ander

groepe ooreen mag kom, maar sodanige ooreenkomste kan nie noodwendig veronderstel word nie.

Uit die verslae van Van der Merwe en Du Toit val dit op dat daar onder die respondentē 'n ontluikende ondernemerskap te bespeur was. Nie alleen het respondentē eie besighede begin of enterpeneurskap geopenbaar nie, maar is hulle keuses van studierigtigs soms deur hierdie bewustheid beïnvloed. Hulle toekomsverwagting wentel dan ook dikwels rondom 'n siening dat daar geleenthede vir hulle in Suid-Afrika is mits hulle aktief daardie geleenthde skep deur 'n ondernemingsingesteldheid te openbaar. Die persone wat nie entrepreneursgeoriënteerd is nie en salaristrekkers wil bly, kry swaar en ly meer aan angs. Hierdie besigheidsgeoriënteerdheid vind ook neerslag in hulle gesprekke oor ekonomiese sake met vriende en familie en die lees van veral die sake deel van die koerant.

Tweedens het die respondentē in beide groepe 'n hoë mate van sosiale bewustheid openbaar. So byvoorbeeld was hulle van mening dat daar meer gedoen moet word om swartes te bemagtig en om 'n sterk swart middelklas te skep. Hulle openbaar dan ook 'n sensitiwiteit en gevoel van gefrusteerdeheid met die regering wat geld vermors op naamsverandering en ander onnodighede, in plaas daarvan om die armes op te hef en effektiewe dienslewering te verseker. Respondente wil sien dat die arm swartes in informele nedersettings opgehef moet word, want hulle glo dat dit 'n beter plek van Suid-Afrika sal maak en misdaad sal teenwerk.

Derdens het jong volwasse Afrikaners in beide ondersoeke 'n onvergenoegdheid openbaar met die feit dat hulle voortdurend met skuldgevoelens oor apartheid belas moet word. Die jeug aanvaar dat iemand vir apartheid moet betaal maar hulle voel dat hulle onnodig daarvoor gepenaliseer word. Hulle voel dat die streep nou getrek moet word, sodat hulle hulle heil in Suid-Afrika kan uitwerk.

Vierdens blyk dit dat hierdie segment van jong volwasse Afrikaners 'n redelike hoë premie op die materiële plaas. Hulle meen dat geld belangrik is ten einde 'n gemaklike lewe te kan hê, asook vir sekuriteit en om kinders 'n kwaliteit opvoeding te kan gee.

'n Verdere tendens wat uit die twee ondersoeke sterk in reliëf getree het is 'n verruimde betekenisgewing aan Afrikaner identiteit. Hierdie jong volwassenes beskou hulself eerstens as Suid-Afrikaners (moontlik Afrika-ners) en sekondêr as Afrikaanssprekendes. Hulle toon 'n groter bewustheid om saam met ander groepe te werk en te oorleef, 'n bereidheid om 'n

gemeenskaplike kommunikasietaal te gebruik, 'n toegeeflikheid teenoor persone met ander waarde oriëntasies (soos homoseksueles) en 'n verruimde interpretasie van spiritualiteit, kerk en geestelike waardes. Inlyn met hierdie tendens blyk dit dat die respondentie meer krities teenoor tradisies en sogenaamde Afrikanersake staan. Hulle politieke opinies, kritiese ingesteldheid teenoor Afrikanerleiers en onbetrokkenheid by kultuurorganisasies kan moontlik aan hierdie verskuiwing in hulle siening van Afrikanerskap in 'n nuwe era toegeskryf word.

Ten besluite wys Van der Merwe (2007) daarop dat die postmoderne wêreld gekenmerk word deur openheid, positiewe verdraagsaamheid en akkommodering van verskeidenheid wat grootliks deel is van die skepping van die sogenaamde "wêreldstad" ("global village"). Die vloeibaarheid, gefragmenteerdeheid en intersubjektiwiteit van die postmoderne wêreld het ook gestalte gegee aan die opvatting van geen vaste, essensiële of permanente grense en identiteite nie. Vir die jong volwassene wat in hierdie stad rond beweeg, is die eie aard daarvan nie bedreigend, vreemd of onpatrioties nie – wêreldburgerskap is bloot 'n aanvaarde deel van die vryheid wat dit bied. Die postmoderne mens gaan meer speels met die lewe om en waag makliker kanse met nuwe of ander kulturgebruiken, opvattings en idees. Die post-modernistiese opvatting dat nijs ewigdurend is nie, bring mee dat die onsekerhede wat gewoonlik met die prysgawe van gevestigde waardes, tradisies en omstandighede geassosieer word, minder bedreigend of traumatisies ervaar word. Die twee ondersoeke openbaar dan ook sterk elemente dat die jong volwasse Afrikaners wat deel van die ondersoek gevorm het, toenemend hierdie post-modernistiese wêreld betree.

8 GEVOLGTREKKING EN SAMEVATTING

Die doel met hierdie verslag is om twee vorige navorsingsverslae rakende die Afrikanerjeug wat vir die Afrikaner Bond gelewer is, te integreer ten einde breë tendense uit te lig en in konteks te beskryf en te verklaar. In die uitvoer van die versoek is gepoog om die bevindinge wat in die vorige twee verslae gerapporteer is met ander navorsingsverslae (nasional en internasional) in verband te bring ten einde 'n beeld van die Afrikanerjeug daar te stel. Hierdie breë tendense is in paragraaf 6 aan die orde gestel. Vanweë die inherente beperkinge wat ten aansien van die steekproeftrekking met die twee vorige verslae uitgelig is, kan 'n veralgemeenbare beeld nie saamgestel word nie, maar die tendense en bevindinge van die verslae bied nogtans sekere breë rigtingwysers ten aansien van hierdie segment van jong volwasse Afrikaners wat benut kan word om besluite en strategieë rakende die bemarking van Afrikaanse kultuurorganisasies te onderneem. In hierdie paragraaf sal gepoog word om hierdie breë rigtingwysers te sintetiseer.

Op grond van die literatuuroorsig verskaf is in Paragraaf 4.5 gepostuleer dat jong volwasse Afrikaners een of meer van die volgende kenmerke sal openbaar wat tipies is van hierdie ouderdomsgroep:

- 'n Afwysing van tradisionele norme en waardes en moontlike afwysing van tradisionele gesagsinstellings. Beide studies wat onderneem is, het sterk blyke gegee van 'n tendens wat die stelling ondersteun.
- Indien hulle identiteitsverwerwing normaal verloop het, behoort daar tekens van 'n liefde vir die eie taal en kultuur te wees. Taal behoort 'n sterk draer van die eie te wees. Alhoewel respondenten sterk met Afrikaans geïdentifiseer het, was daar tekens van 'n groter mate van die akkommodering van ander.
- As groep mag die Afrikanerjeug in 'n meerder of mindere mate 'n selfgerigtheid openbaar wat kenmerkend van hierdie ouderdomsgroep is. Hierdie tendens is in beide studies bevestig.
- Alhoewel daar nasionaal en internasional 'n wegbeweeg van die tradisionele kerk is, behoort godsdiensoortuigings steeds taamlik standhoudend te wees met bepaalde nuanserings. Hierdie stelling is deur die navorsing bevestig, maar met 'n verruimde interpretasie van die norme en waardes wat die tradisionele ondersteun.
- Waar jong volwassenes hoër onderwysopleiding deurloop het, mag hulle 'n relatief hoë inkomste peil hê en gevvolglik 'n neiging tot 'n meer materialisties georiënteerdheid openbaar. Hierdie stelling is deur die navorsing bevestig.
- Hulle toekomsverwagting sal deur geldende samelewingstendense mede bepaal word, maar as groep behoort daar tekens van 'n optimisme te wees wat tipies van hierdie ouderdomsgroep is. Ook hierdie aanname is bevestig.
- Gegee die huidige politieke klimaat in Suid-Afrika mag daar tekens wees van 'n uitwaartse oriëntering. Die graad van 'n uitwaartse oriëntering is minder as wat verwag is, maar tekens daarvan is bevestig.
- Musiek mag 'n belangrike rol speel in groepsverband wat sal saamhang met ander tendense om 'n eie subkultuur te ondersteun. Hierdie stelling is ook bevestig.
- Kommunikasie sal sterk bepaal en beïnvloed word deur moderne kommunikasie middele. Die navorsingsbevindinge het hierdie stelling ondersteun.
- Sosio-ekonomiese invloede van geweld en misdaad, armoede, verbrokkeling van gesinne, verval in etiese en morele waardes asook polities-ideologiese transformasie en rekonstruksie sal 'n sterk invloed uitoefen op die beeld wat die Afrikanerjeug openbaar. Hierdie stelling is sterk deur beide studies bevestig.

Gegee die mate van ondersteuning van die breë tendense wat in die algemene literatuur rakende jong volwassenes gerapporteer is, kan daar aanvaar word dat beide studies wel daarin geslaag het om die geldende beeld te bevestig wat besluitneming op grond van die studies kan ondersteun.

Die waarde wat in die menings van die respondenten wat aan die ondersoek deelgeneem het opgesluit lê, is dat hulle moontlik die stem verteenwoordig van jong Afrikaners waaruit toekomstige leiers gaan kom. Die belangrikste positiewe element waarop gefokus moet word, is die oorwegend positiewe gesindheid rakende die potensiële toekoms van Suid-Afrika en 'n toesegging van hulle kant om aktief te help meewerk aan die soeke na oplossings vir die uitdagings waarvoor Suid-Afrika te staan kom en 'n sterk sosiale bewustheid.

In die onderhawige verslag is die aandag daarop gevestig dat die respondenten grootliks onkundig en oningelig is rakende die doel en funksie van die meerderheid Afrikaanse kultuurorganisasies. Voorts is dit belangrik om in aanmerking te neem dat die respondenten in die ondersoek krities gestaan het teenoor organisasies wat uit die vorige politieke bedeling kom, omdat hulle die organisasies as deel van 'n vorige bestel sien en dit assosieer met dit wat vir hulle onaanvaarbaar is. Daar moet voor oë gehou word dat jong volwasse Afrikaners voel dat hulle gestraf word vir dit wat deel was van die vorige politieke bestel. Nogtans staan hulle nie afsydig teenoor organisasies wat na hulle mening deel kan wees van die oplossing van die probleme van Suid-Afrika nie en is daar selfs 'n behoefte aan 'n organisasie wat hulle belang kan dien.

Die uitdagings waarvoor so 'n kultuurorganisasie egter te staan kom, is dat hierdie respondenten van mening is dat die organisasie nie eksklusief moet wees en sekere mense of groeperinge moet uitsluit nie. Voorts wil hulle self inspraak hê in wie die leiers moet wees en soek hulle leiers wat nie bagasie uit die vorige bedeling saamdra nie. Die organisasie moet 'n sterk sosiale oriëntasie hê en daadwerklik gerig wees op dienslewering. Gegee die ontluikende ondernemers-ingesteldheid van die respondenten sou die organisasie bes moontlik ook 'n belangrike bydra kon lewer om hulle in die skep van besigheidsnetwerke te ondersteun. Laastens sal sodanige organisasie dinamies moet wees en bewys kan lewer dat dit 'n daadwerklike verskil kan maak aan die lotgevalle van mense.

9 VERWYSINGS

- Barna, G. 1995. *Generation Next*. Ventura, Ca: Regal Books.
- Basson, Adriaan. 2008. Dazed, confused (and racist?) *Mail & Guardian*. 26 April 2008
- Burrell, G., & Morgan, G. 1979. *Sociological Paradigms and Organizational Analysis*, Heinemann.
- Codrington, G. 1999. *Profile of South African youth and families: A brief profile of South African teenagers at the end of the 20. th. century*.
- Cohen, L., Manion, L. 1995. *Research methods in education*. (Fourth edition). London: Routledge.
- Crockett L J & Silbereisen R K. (eds.) 2000. *Negotiating adolescence in times of social change*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (Eds.) 1994. *Handbook of Qualitative Research*. Thousand Oaks: Sage.
- Denzin, N. K., & Lincoln, Y. S. (1998) (Eds). Collecting and interpreting qualitative materials. Thousand Oaks: Sage Publication.
- Dettoni, John. M. 1993. *Introduction to Youth Ministry*. Grand Rapids: Zondervan Publishers.
- Du Plooy; Gertruida & Grobler, Tok 2002. Afrikaans as televisietaal in Suid-Afrika: 'n toekomsperspektief. *South African Journal for Communication* <http://dx.doi.org/10.1080/02500160208537938> (8 Mei 2008).
- Du Toit, Eion. 2007. *Gesamentlike navorsingsverslag deur die Afrikanerbond en die Voortrekkerbeweging*. (Ongepubliseerde Navorsingsverslag).
- Ehlers, Kobus. 2007. Tweede Nasionale Taalberaad 2007 Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Elder G H & Russell S T. 2000. Surmounting life's disadvantage. In: Crockett L J & Silbereisen R K. (eds.) 2000. *Negotiating adolescence in times of social change*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Flanagan C & Botcheva L. 1999. Adolescents, preferences for their homelands and other countries. In: Alsaker F D & Flammer A. (eds.) 1999. *The adolescent experience. European and American adolescents in the 1990s*. Mahwah, New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.
- Foucault, M. 1980. *Power/Knowledge*. New York, Pantheon Books.
- Giliomee, H. & Schlemmer, L. 2006. *'n Vaste plek vir Afrikaans. Taaluitdagings op kampus*. African Sun Media: Stellenbosch.

AFRIKANERJUGVERSLAG

- Goode, W.J., Hatt, P.K. 1981. Methods in social research. Auckland: MacGraw Hill Book Company.
- Grob A & Flammer A. 1999. Macrosocial context and adolescents' perceived control. In: Alsaker F D & Flammer A. (eds.) 1999. *The adolescent experience. European and American adolescents in the 1990s*. Mahwah, New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.
- Guba, Egon and Lincoln, Yvonna 1989. *Fourth Generation Evaluation*, Sage, Newbury Park, California
- Guba, E.G. & Lincoln, Y.S. 1994. Competing paradigms in qualitative research. In: Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (Eds.) *Handbook of Qualitative Research*. Thousand Oaks: Sage.
- Kamper, Gerrit D. 2006. *My toekoms in Suid-Afrika: Perspektiewe en verwagtings van die Afrikaanssprekende jeug* Sewende W A Landman-gedenklesing van die ATKV-tak, Centurion: 31 Mei 2006
- Kamper, G.D. & Steyn, M.G. 2007. My toekoms in Suid-Afrika: perspektiewe en verwagtings van die Afrikaanssprekende jeug *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Jaargang 47 No. 4: Desember 2007: 516-530
- Kingdon, G.G. & Knight, J. 2004. Unemployment in South Africa: The nature of the beast. *World Development Report*. 32(3), March, 391-408.
- Kohlberg, L. 1996. Moral stages and moralization: The cognitive-developmental approach. In T. Lickona (Ed.), *Moral development and behavior: Theory, research and social issues*. New York: Holt Rinehart and Winston.
- Kwago, Anita Louisa 2004 Vroeë volwasse lidmate se kerklike meelewings binne die Verenigende Gereformeerde kerk: 'n empiriese studie in die ring van Wellington. (Ongepubliseerde M Diac verhandeling) UNISA.
- Larson R W. 2002. Globalization, societal change, and new technologies: What they mean for the future of adolescence. In: Larson R W, Bradford Brown B & Mortimer J T. (eds.) 2002. *Adolescents' preparation for the future: perils and promise*. Ann Arbor: Society for Research on Adolescence.
- Larson R W, Bradford Brown B & Mortimer J T. (eds.) 2002. *Adolescents' preparation for the future: perils and promise*. Ann Arbor: Society for Research on Adolescence.
- Lickona, T. (Ed.), *Moral development and behavior: Theory, research and social issues*. New York: Holt Rinehart and Winston.
- LitNet. 2007. *Koos Kombuis oor Bok van Blerk*. <http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi> (14 Mei 2008.)
- Masten, Davis & Plowman, Tim M.P. 2003. Digital ethnography: The next wave in understanding the consumer experience. *Design Management Journal*/Vol. 14, No. 2, 2003.
- McLuhan, M. 1995. *Understanding media. The extensions of man*. London: Routledge.
- Miller, Lloyd 2007. Anthropology News. April 2007, Vol. 48, No. 4: pp. 56-57

- Mueller, W. 1994. *Understanding today's youth culture*. Wheaton: Tyndale House Publishers.
- National Youth Commission. 1997. *National Youth Policy* Republic of South Africa
- Nicol, 2003. Eerste jaar studente se voorkeure rakende spiritualiteit. (Ongepubliseerde Meestersgraad). RAU.
- Nieuwenhuis, F.J. 2001. Die benutting van ervaringsleer van jeugdiges in die begeleiding tot geestelike volwassenheid. (Ongepubliseerde M Diac) UNISA.
- Nieuwenhuis, F.J. 2007. Introduction to Qualitative Research. In: Maree, Kobus (Editor). *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik.
- Nieuwenhuis, F.J., Prinsloo, I.A. & Beckmann, J.L. 2007. Growing Values and Human Rights in Education. Pretoria: Van Schaik.
- Nucci, L. 1996. The Personal Domain. In: Reed, Turiel, & Brown (Eds.). *Values and knowledge*. Lawrence Erlbaum.
- Pretorius, J.W.M. 1988. Opvoeding, samelewing, Jeug. (Tweede hersiene uitgawe). Pretoria: JL Van Schaik.
- Rapport. 2007. **Hanlie Retief gesels met Bok van Blerk.** 27/01/2007
http://www.news24.com/Rapport/Rubriek/0,,752-801_2060658,00.html (20 Mei 2008).
- Raubenheimer, O. 1997. A profile of South African youth. In: Kitching, D.; Robbins, D. (Eds.) 1997. Youth ministry: The basics and beyond. Wellington: Youth Specialities.
- Reilly, R.R., Lewis, E.L. 1991. Educational Psychology. New York: MacMillan Publishers.
- Rushing, Wanda. 2001. Inequality and Education Reform: Formulating a macro-historical sociology perspective. *Race Ethnicity and Education*, Vol. 4, No. 1, 2001: p29-44
- SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2005. *Op pad na 'n taalstrategie vir Afrikaans* (red. K. Prinsloo)
http://www.akademie.org.za/tuisblad/index.php?option=com_content&task=view&id=6&Itemid=30
- Schultze, Q.J. et. al. 1991. *Dancing in the Dark*. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans.
- Snook, I. 2000. *The ethics and politics of values education*. Keynote address to the Values in Education Conference organised by the Quality Public Education Coalition, Palmerston North, 21-23 July, 2000.
- Trommsdorf G. 2000. Effects of social change on individual development: the role of social and personal factors and the timing of events. In: Crockett L J & Silbereisen R K. (eds.) 2000. *Negotiating adolescence in times of social change*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Van der Merwe, 2007. *Afrikanerbond Jeugverslag*. (Ongepubliseerde Navorsingsverslag).

AFRIKANERJEUGVERSLAG

Van Rheede, Christo. 2007 Implementering van Afrikaanse bemagtigingsprojekte. Tweede Nasionale Taalberaad 2007 Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.